Volmaakte Krag Deur Volmaakte Swakheid

Môre, vriende. Dis lekker om weer uit te wees vanmôre op hierdie reënerige, besneeude, deurmekaar oggend. Weet dat baie van julle met moeite gery het wat van ver af gekom het. En ons het party . . . hierdie kosbare vriende wat van Chicago en Alabama en Georgia en Tennessee en Illinois en oral af kom, op hierdie dae, so ons is . . . vertrou dat God julle Sy veiligheid sal gee soos julle reis. En dis ons gebed dat Hy julle sal beskerm langs die paaie, in hierdie gevaarlike paaie soos hulle glad word in die wintertyd. Hierdie is 'n slegte landstreek in die wintertyd. Dis die mooiste landstreek wat daar is in die lente of in die herfs, maar in die wintertyd en somertyd is dit baie erg.

2 Nou, ek reken nie hulle maak al 'n opname daarbinne nie. En ek wil net graag 'n opmerking maak oor verlede Sondag, in die boodskap. Die rede waarom ek—ek die bandopname teruggehou het en hulle nie wou toelaat om die bandopname te verkoop, dit uit te neem nie, wel, was omdat ek dit eers moet deurgaan. Want baiekeer, op daardie manier, sou ek dinge hier in die kerk sê wat ek nie so voor die res van die publiek sou uitsit nie, omdat dit partykeer struikelblokke veroorsaak. En somtyds veroorsaak dit selfs vrae onder ons mense hier by die tabernakel. En dis . . .

3 Ek sê nie hierdie (sê nie daardie dinge) om onverskillig te wees nie, maar partykeer onder salwing weet jy dinge wat jy nie sou . . . jy nie sou waag om vir die mense te sê nie. Dan partykeer, onder salwing, sal iets uitglip, julle sien, en jy sal dit nie oplet nie. En een van daardie dinge wat ek glo gesê is (daardie verlede Sondag) wat iemand kan laat . . . toe ek genoem het dat ek nog nooit geglo het in altaaroproepe nie. Sien?

4 Ek wil dit sê en duidelik maak sodat julle sal verstaan. Daar is nooit 'n altaaroproep gemaak in die hele Bybel nie. Daar is glad nie so-iets in die Skrif nie. Nêrens af deur die eeue is dit gedoen tot die Metodiste eeu, omtrent tweehonderd jaar gelede nie, sien.

5 Altaaroproepe is wanneer mense opkom en mense probeer oorreed en trek: "Komaan, John. Jy weet, hulle . . . Jou moeder het gesterf, aan die bid vir jou. Komaan, John." Dis nie oortuiging nie, vriende. Nee. Daardie—daardie soort, ek . . . baie selde hoor jy ooit een wat ooit baie ver kom. En, daarin, kry jy enigiets. Dis waarom die kerk heeltemaal deurmekaar is soos dit is vandag, is as gevolg van sulke dinge.

6 Oortuiging, jy hoef nie iets te sê nie, broer, God is daar en het al klaar die werk gedoen. "Terwyl Petrus hierdie Woorde gespreek het, het die Heilige Gees op hulle geval wat die Woord gehoor het." Sien? Sien? Sien? Daar's geen altaaroproep nie, sien, nie so-iets nie.

7 Nou, die altaar is die plek van gebed waar elke persoon, wat na die kerk toe kom, eers behoort in te gaan, te kniel by die altaar, stil te bid tot God en hulle versoek van gebed te offer en—en vir hulle geliefdes, en God te dank vir wat hulle het—vir hulle gedoen het, dan terug te gaan na hul sitplek.

8 En dan is die kerk die plek waar die Woord van God... "En oordeel begin by die Huis van God," waar die oordeel van die Woord uitgaan. Dan...Maar vandag het ons dit soveel omgedraai.

9 Nou, ek het niks teen enigiemand wat altaaroproepe maak nie, sien. Dis...En ek het menige een self gemaak, en ek sal waarskynlik nog baie meer maak as ek bly voortgaan. Maar net wat myself betref...Sien, jy—jy—jy versamel te veel. En daar's niks daarteen nie, geen skade daarin nie. Dis goed. Sien?

10 Want, luister, Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom as My Vader Hom nie eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Dis reg. So dan, sien, hulle is... Dit gooi jou altaaroproep geheel en al uit. Sien? Sien dit? "*Almal* wat die Vader..." Jy...

11 Ons—ons verantwoordelikheid is "verkondig die Woord." Die Bybel het gesê: "Dié wat geglo het, is gedoop." "Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing, vergifnis van sondes." Wat? "Gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van sondes, sien, en julle sal dan die gawe van die Heilige Gees ontvang."

12 Maar wanneer jy mense oorreed en trek en bang maak, en mense inpraat...Mense moet verstandig, nugter, onder oortuiging kom, en Christus ontvang. Dan, die eerste ding wat hulle doen sodra hulle Christus ontvang het deur in hulle sitplekke te sit, die volgende ding is om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus vir die vergewing van daardie sondes, wat hulle oortuig van is, dat hulle verkeerd is. Dis hoe hulle vergewe word van hulle sondes, sien. Omdat hulle bely het; gedoop is as 'n gedenkteken aan die mense, dat: "Ek het Christus as my persoonlike Verlosser aanvaar"; dan is jy 'n kandidaat vir die Heilige Gees.

13 En, nou, baie mense gaan aan, oorreed en roep na die altaar, ensovoorts soos daardie, wat alles reg is. Ek sal daarmee saamgaan, dis heeltemal reg wat my betref, enigiemand wat dit wil doen. Maar, vir my, is dit nie Skriftuurlik nie, julle sien, en so sal ek—ek net graag by die Skrif wil bly.

14 En daarom was die rede waarom ek daardie bandopname teruggehou het, omdat as julle dit sou uitgee, sou ons vyfhonderd briewe per week gehad het om te beantwoord. Elke. . . Trap net op 'n bietjie tradisie wat iemand het, en dis al wat jy hoef te doen, dan is dit weer alles van voor af.

15 En ek dink, baiekeer, dat ek 'n bietjie te krities is oor verskillende dinge soos daardie. En ek wil nie so wees nie, maar partykeer trek ampte jou soontoe, julle sien, hulle—hulle laat jou soontoe leun. En so is ek seker die mense verstaan dit.

16 Nou, ons is baie dankbaar dat ons steeds 'n goedhartige Hemelse Vader het Wie—Wie ons foute oorsien en hulle nie aan ons toereken nie.

17 Ek het gelees oorkant in die Boek van—van Romeine, die 4de hoofstuk, waar Paulus die—die Goddelike kommentaar geskryf het van die lewe van Abraham. Nou, ons weet dat Abraham baiekeer soort van verbouereerd geraak het soos ons. Maar toe die. . . sy kommentaar geskryf is, is daar nie enige van sy verbouereerdhede genoem nie, julle sien, hulle nooit genoem nie. Gesê:

> Abraham *het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie, maar hy is versterk. . . het aan God die* lof *gegee;*

18 Sien, en dis hoe ek hoop myne sal opgeteken word Daarbo, is nie my foute en alles nie, maar net wat ek probeer doen, die bedoeling van my hart om vir God se mense te doen.

19 En nou het ons vanmôre gekom om te—te probeer om 'n boodskappie hier te bring wat die Here miskien op ons gelê het om vir die mense te gee. En in die hoop dat dit julle sal goed doen en vir my sal goed doen, want ons is bymekaar en lewe in 'n geweldige tyd, en laaste dae. So net voor ons bid, wil ek 'n paar plekke in die Woord lees; een voor gebed, en een na gebed. En eerste, om ons diens te open met hierdie deel Daarvan, wil ek graag uit die Boek van Hebreërs lees. Die 11de hoofstuk van Hebreërs, en die dertig-. . . 32ste vers, te begin, van *geloof* praat.

> *Nou wat sal ek nog meer sê? Want die tyd sal my ontbreek as ek van Gídeon, Barak en Simson en Jefta, Dawid en Samuel en die profete sou verhaal,*
>
> *wat deur geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop,*
>
> *die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog,* vreemdes*, leërs van die vreemdes op die vlug gedryf het.*

Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om 'n beter opstanding te verkry.

Ander weer het die proef. . . bespottinge. . . *géselinge deurstaan, ook van boeie,* . . . gevangenis.

Hulle is gestenig, hulle is in stukke gesaag, hulle is *versoek,* . . . *die swaard vermoor;* . . . *rondgeloop in skaapvelle en bokvelle; hulle het gebrek gely,* . . . en *mishandel;*

20 Hou hierdie hakies dop:

(Die wêreld was hulle nie werd nie) hulle het in woestyne rondgedwaal en op die *berge en in spelonke en skeure in die grond.*

. . . *almal hulle deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie,*

Omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.

21 Wanneer ek daardie stories lees van daardie dapper soldate, wonder ek waar ons getuienissie sal staan saam met daardie mense op daardie Dag.

22 Net voor gebed, wil enigiemand graag onthou word voor God? Steek net jou hand op, en wat jy ook al nodig het, mag Hy dit sien en hoor en dit nou toestaan, soos ons ons hoofde buig.

23 Ons dierbare en liefdevolle Vader, ons benader U Troon nederig vanmôre in die Naam van Jesus, U Seun, om te bid vir onsself en vir ander. U sou eerste, Here, ons vergewe van al ons oortredinge en ons ongeregtigheid. En dan sou ons bid vir andere, Here, dat hulle ook vergewe sou word.

24 En U Kerk nader aan U getrek sou word. Want waarlik, Here, in ons harte glo ons dat U gereed is om 'n werk te doen met U Kerk, gereed om Dit uit die wêreld te neem en weg te voer na die Koninkryk van God. Maar, Here, help ons om onsself gereed te maak vir daardie uur. Mag vanmôre die tyd wees, Here, dat van een tot almal van ons sal "Elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, dat ons met geduld die wedloop sal loop wat voor ons lê."

25 En ek bid, Hemelse Vader, vandag, dat U die siekes en die beproefdes sal genees. Baie ly oor die volk, en plae, en "virusse" soos die dokters hulle plaas. Ek bid dat U genesingskragte, Here, met daardie mense sal wees.

26 Dan om af te kom na ons byeenkomsie hier vanmôre. Baie het vir honderde myle gery, vanaf laat gisternag en deur die nag en op in die oggend, vandag, en hard gery om na die tabernakel toe te kom. En dit sneeu en langs die pad. God, ons bid dat U hulle spesiaal sal seën. Sonder twyfel moet baie 'n groot deel van hulle volgende week se kos opgee, of wat dit ook al mag wees, of dinge

waarop hulle hulle geld op kon bestee het, vir petrol en dinge, om te kom.

27 God, hy wat leeg na U toe kom, sal vervuld weggaan. U het dit belowe. En ek bid dat U hulle harte sal vul en hulle mandjies (van hulle siele) so vol van die goeie dinge van God dat hulle sal weggaan net aan die oorborrel met "onbeskryflike vreugde en vol Heerlikheid." Mag die bekers van hierdie dierbare mense net oorloop, met geestelike en goeie dinge van God.

28 Seën elke hand, U ken die behoefte wat agter daardie hand was, Here. Ek vra dat U hulle veral sal seën. Ons het U in hierdie afgelope week gesien, hoe U so wonderbaarlik gebed beantwoord het binne 'n paar oomblikke, tye van nood en siekte en probleme. U is God, alomteenwoordig, Sy dienknegte bystaan. Ek bid, God, dat U diegene sal bystaan vanmôre. Skenk aan hulle hul begeerte, Here, van hul hart. Ek glo nie dit was vir enige selfsugtige ding, enige—enige slegte motief daaragter nie. Ek bid dat U hulle sal seën.

29 En nou, Vader, onthou my vandag, en mag ek in staat wees om myself so uit die pad te neem. . . Almal van ons, van die pastoor af, tot by die—die kinders, mag ons in staat wees om onsself ter syde te stel op die altaar van God en ons harte oop te maak en te luister na die Heilige Gees soos Hy met ons sal praat. Draai ons houers van U seën-. . . om U seëninge te ontvang, met die regte kant boontoe. Gooi dan die krag van die Salwingsolie af in hulle in. En gee ons van krag, Here, wat ons nodig het vir die dae wat voorlê. Skenk hierdie seëning. Ons vra dit in Jesus Naam. Amen.

30 [Broer Branham antwoord iemand wat met hom gepraat het oor 'n telefoonoproep—Red.] Ek weet nie. Kry jy net sy telefoonnommer en sê vir hom ek sal hom terugskakel na kerk. Ek weet nie.

31 Bid vir my. Broer Jack Moore op die telefoon, en steeds om my te oorreed om hierdie week daar te wees. Sien? Ek voel net nie die. . . net in staat daartoe nie, julle sien, en so weet ek nie wat om te doen nie. Ek is lief vir Broer Jack. En daardie groot konvensie wat opkom daaronder en hy het manne weggewys, soos Booth-Clibborn en hulle, wat kom. So hou steeds uit, sy advertensie uitgeplaas en alles soos daardie, in die vertroue dat ek sal kom. So ek—ek wil graag behoorlik gedruk voel om te gaan, julle sien. En ek. . .

32 En, nou, soos ons nou weer blaai na Tweede Korinthiërs, en ons sal begin by die 12de vers van die Tweede Korinthiërs, en een Skrifvers lees vir die teks, as God so wil. Eerste Korinthiërs, die. . . Of Tweede Korinthiërs, liewer, die 12de hoofstuk en die 9de vers. Ek wil die eerste frase lees. . . Of tweede frase van die 9de vers, 'n gedeelte daarvan:

> *En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. . .*

33 Laat ek Dit nou weer lees sodat julle seker kan wees julle kry die teks:

> *En Hy het vir my gesê:* (dit is God wat met Paulus praat) *My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring . . .*

34 Dan as ek dit 'n teks sal noem, wil ek graag dit gebruik, krag . . . *Volmaakte Krag Deur Volmaakte Swakheid.* As ons swakheid het, het ons krag. Dis ongewone teks oor . . . in 'n Pinkster byeenkoms, om te maak . . . 'n teks van *swakheid* te neem, omdat ons altyd getuig "ons is so sterk."

35 En ek het vroeër gesê, dat, ek probeer net bid deur die week en uitvind wat goed sal wees vir my om voor die gemeente te bring. As dit net was om hiernatoe te kom om gehoor te word, sal ek baie liewer enigiemand anders wou hoor om vanmôre hier te staan.

36 Eerlikwaar, tot omtrent 'n paar dae gelede, was ek onder in Kentucky by Broer Gabehart se mense daar. Toe ek hulle plek verlaat het, hierdie kosbare broer en vrou en familie en hulle, tot hierdie gedagte my getref het.

37 En ek het in 'n huis ingegaan net kort voor dit. Ek het aan die buitekant gestaan, en die dame het gesê: "Ek wil graag met daardie prediker praat." En ek het in hulle huisie ingegaan. En daar was . . . Sy het gesê: "Jy's Broer Branham?"

En ek het gesê: "Ja, mevrou."

38 Sy het gesê: "Ek's so skaam hoe my huis lyk," en sy het gesê: "om jou in te nooi." Sy het begin huil. Sy het gesê: "Maar ek—ek het so 'n behoefte en ek het ware vertroue in jou."

39 En ek het uitgevind dit was waar ons klein Suster Cox by wie ons 'n bietjie bly daar onder—onder, 'n—'n oumatjie met 'n bandspeler wat deur die buurt gaan en die bandopnames speel. Daar's dit! Dis die idee! Sien?

40 Ek het rondgekyk in hierdie huis, 'n nederige huisie, omtrent soos waarin ek grootgemaak is, maar die mure vol van prente van Christus. Daar het 'n Bybel op die tafel gelê. Ek het gesê: "Ek het nooit 'n groter eer in my lewe gehad nie, dit is die soort huis waarin ek wil instap." Sy het 'n versoek vir iemand gevra. En vyf uur van die tyd af wat ons saamgebid het, ek en hierdie oumatjie saamgebid het, het God geantwoord.

41 So ons het weer gebid, en ek en Ma Cox en hulle om daardie tafel daardie môre, het gebuig en vir God gevra om ons 'n geleentheid te gee om iets te doen deur die pogings wat sy aangewend het. En, deur dit te vra, het God 'n weg oopgemaak. Julle sien? Hy's God!

42 Ons probeer ons swakhede verskonings maak. Ons wil sê hoe groot ons is, hoe groots ons is. Ek dink dis een van die dinge

wat ek . . . God vir my die teks voor gegee het, was om dit uit ons gedagtes te kry. Sien?

43 Daar's klein dingetjies wat ons doen. En dis waarom ons kerk toe kom, is om uit te vind waar ons foute is, en die dinge waardeur ons onsself kan verbeter. As ons kerk toe kom met enige ander—enige ander doel as dit, is ek bevrees sal ons nie te veel kry uit kerk toe kom nie. Ons moet kom om ons swakhede te vind, ons slegte plekke te vind en ons . . . hoe . . . te sien hoe gering ons is, en ons vetroue te plaas in Iemand wat sterk is. Maar wanneer ons swakhede het . . .

44 Daar's soveel van ons wat graag getuig of graag dink dat ons onvoldoende is en, daarom, maak ons dit 'n verskoning: "Ek het geen geleerdheid nie, ek het geen vermoë nie, ek is nie in staat om *dit* te doen nie." En as jy daarmee voortgaan en dit so doen, so voortgaan, dan kan jy tot niks in staat wees nie. Maar die einste ding waarvoor ons verskonings maak, deur ons swakhede, God gebruik daardie einste ding om die taak mee aan te pak. Sien? Hy wag vir ons om in daardie toestand te beland sodat Hy ons kan gebruik. Ons—ons neem die verskonings en ons sê: "Wel, ek—ek—ek—ek's kan dit nie doen nie, ek's onvoeldoende. Ek—ek kan dit nie doen nie." En God neem die einste ding om die werk mee te doen. Dis waar.

45 Dis die rede waarom Hy—Hy ons kies, omdat ons in daardie toestand is. Nou, dit klink snaaks, maar net 'n paar minute sal ons by die rede daarvoor uitkom, as God gewillig is.

46 Ons—ons vind uit, net soos ons gelees het, dat swakhede en verwerpings . . . en ons vind uit dat daardie mense wat die swakste is en die verwerptes deur die buitewêreld, is God se helde, wat oorwin voor in die voorste linie, neem diegene wat is—is . . . hulleself onwaardig ag.

47 Daar was 'n Metodiste broer, drie van hulle wat na hierdie kerk toe kom van bo in Ohio, of noord Indiana. Hulle het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Broer Branham," gesê: "ons het pas die Heilige Gees ontvang, sal ons nou soek na gawes vir ons bediening?"

Ek het gesê: "Moenie dit doen nie! Los dit uit."

48 En hy het omgedraai en na my gekyk, gesê: "Ek het so pas 'n sekere broer se boek gelees dat, nadat ons die Heilige Gees ontvang het, ons moet soek na gawes, vir hierdie om hierdie Heilige Gees te gebruik."

Ek het gesê: "En 'n verwaande te word!" Sien?

49 As julle sal oplet in die Bybel, is dit altyd diegene wat probeer wegkom daarvan, wat God gebruik. Solank 'n man . . . iets wil doen en dink hy het genoeg vermoë om die werk te doen, kan God nooit daardie man gebruik nie. Kyk na Moses, wat hardloop; kyk na Paulus, wat hardloop; en die res van hulle, wat probeer wegkom daarvan.

50 Ek het gesê: "Moet niks soek nie. God enigiets vir jou het, sal Hy dit vir jou gee." Sien? "En laat Hom net—laat Hom net daarvoor sorg." Ek het gesê: "Dan kry jy van hierdie tye soos ons het, vandag het, dat almal *dit* wil doen en *dat* doen en 'n groot persoon wil word. Kyk waarin het ons beland daarmee, julle sien."

51 In plaas van om groot te probeer wees, behoort ons te probeer—te probeer uitvind hoe klein ons kan word. Sien? Dan kan God ons gebruik. Ek het verskeie Skrifte hier uitgeskryf waarna ek behoort te verwys, veronderstel ek, maar ek . . . ons . . . ek sal waarskynlik nie tyd hê om dit te doen nie. Maar ons is . . .

52 Let op dat dit die—die swakste en die verwerpte neem, en omtrent elke held wat God ooit gehad het in die voorste linie, was daardie tipe persoon. 'n Persoon wat verwerp was, 'n persoon wat gedink het hy was onvoldoende, 'n persoon wat glad geen vermoë gehad het nie, dan is daardie persoon net in 'n goeie toestand sodat God hom kan begin gebruik. Dis reg. Dis wanneer hulle dink dat hulle nie kan nie, hulle niks het nie, dis wanneer God hulle kan beetkry en iets met hulle kan doen. Sien? Wanneer . . . Maar wanneer ons dink ons is in staat om dit te doen, dan kan God ons nie gebruik nie, omdat ons dit self wil doen.

53 En, dan, die ander kant, kry ons hierdie gevoelens en dink ons dan dat ons onvoldoende is, en ons wil dit nie doen nie; maar dan, as ons net luister na die roeping van God, is dit die einste ding wat God wil hê ons moet in inkom, daardie soort toestand, sodat Hy kan.

54 Wanneer ons onvoldoende is, self, dan is ons onderdane wat kan toegee aan God se Gees. Solank ons dink ons kan dit doen, dan kan ons dit nie doen nie. Maar wanneer ons 'n punt bereik waar ons weet ons kan dit nie doen nie, dan gee ons onsself oor aan God en Hy doen dit. So dan, as dit ons is wat dit probeer doen, sal ons misluk, maar as ons net onsself sal oorgee aan God, dan kan God nie misluk nie. Daar is net een ding wat God nie kan doen nie, en, dis misluk. Hy kan alles anders doen behalwe misluk. Maar Hy kan nie misluk nie.

55 So, solank ons in onsself probeer en op ons eie vermoëns staatmaak, ensovoorts, wel, sal ons niks doen nie. Maar wanneer ons 'n punt bereik waar ons weet ons is niks, dan kan God ons gebruik.

56 Die belangrike ding, een van die belangrike dinge wat ons moet bemeester . . . Onthou dit nou, en veral julle jong predikers, en lekedom ook. Daar's een ding wat ons moet bemeester, as ons verwag om God se begeerte in ons lewens te vervul, dit is, ons moet die gedagte van *menslike vermoë* bemeester. As ons ooit 'n punt bereik waar ons dink ons kan dit doen met ons eie intelligensie en ons eie vermoëns, moet ons dit bemeester op so

'n wyse dat ons ontslae kan raak van die ding en dit aflê sodat God ons kan gebruik. Dis reg.

57 En maak 'n totale oorgawe! Ons kan nie een vermoë gebruik nie. Ons moet 'n totale oorgawe maak! En, om na God te kom, moet jy aan Hom oorgee beide siel, liggaam en gees. Alles wat jy is, moet oorgegee word aan God, sodat Hy Sy wil kan bewerk in jou en in my.

58 Nou, dis moeilik, ek weet, want ons wil altyd ons deeltjie bydra, iets wat ons *weet*, ons weet dat ons dit wil doen. Ons sê: "Wel, ek—ek weet net dit moet op hierdie manier gedoen word." Maar solank jy dit op daardie manier doen, gaan dit verkeerd wees, en God sal nooit daardie poging gebruik nie. Miskien (die hulp van die Here) gaan ons daarop ingaan binne 'n paar minute, en julle net wys hoe God nie jou vermoë kan gebruik nie.

59 En dis wat die probleem is met die wêreld vandag: daar is te veel kweekskool-ondervindings, te veel geplaas op geleerdheid, te veel geplaas op verhouding of gemeenskappe in denominasies, ons rus op mekaar, ons rus op manne met vermoëns.

60 Die Bybel het gesê: "Hoe kan julle geloof hê, wanneer julle—wanneer julle het . . . " Laat ons sien, hoe lui daardie Skrif? "Hoe kan julle geloof hê, wanneer julle partydig is?"

61 Wanneer ons verwag, sê: "Hierdie kêrel, hy's 'n groot persoon. Hierdie is 'n groot persoon, ek sal net op hom steun," dit maak God ontevrede wanneer julle dit doen. Ons moet op God en God alleen steun! Ons moet nie die vermoë van onsself of enige mens vertrou nie. Ons moet totaal oorgee aan God.

62 Geen vermoë nie, ek gee nie om wie s'n dit is nie, sal nooit bruikbaar wees voor God se aangesig nie. God moet al ons vermoëns uit ons uitkry, voordat Hy Sy doel kan bereik. As Hy iets het vir ons om te doen, en solank ons glo ons maak redelike goeie werk daarvan, dan sal ons nooit deur God gebruik kan word nie.

63 Nou, julle sê: "Jy maak 'n baie breë stelling daar, Broer Branham." En dit—dit is 'n breë een, maar kyk net rond en vind uit óf, of dit reg is of nie.

64 Kyk rond vandag na al ons groot prestasie wat ons gedink het ons gedoen het, en waar is Christelikheid in die Verenigde State? Kyk na al ons kerke en denominasies, en ons evangeliste en genesingsveldtogte, en al die res wat ons gehad het, en wat is dit? Erger as wat dit ooit was aan die begin! Dis erger vandag as wat dit ooit was, omdat ons probeer het om dit in menslike vermoë te doen.

65 Hulle kom bymekaar en gee lang gebede en gaan hier uit. En het nou die dag gehad waar hulle soveel gehad het, 'n honderd-en-vyftigduisend, of so-iets, saam vergader, beide Protestant en Katoliek; 'n paar gebede opgesê, en 'n paar gebede

gebid, en 'n paar gebede gemaak, ensovoorts. Dit mag net sowel nie bymekaar gekom het nie, dis nikswerd voor die aangesig van God.

66 Nou, as ek krities raak, vergewe my. Sien? Maar ek—ek het. . . Jy moet die ding inkap. Sien? Jy moet dit die spyker laat raakslaan.

67 En wat het dit gehelp? Niks. En dit sal nooit wees totdat elke persoon wat bely om 'n Christen te wees, sy eie vermoë sal vergeet en homself aan God oorgee nie.

68 Dan kan God Sy doel bereik deur te stuur. . . nie 'n herlewing nie, maar, broer, wat Hy eers moet doen, is om 'n doodmaak te stuur, dis reg, sodat ons kan *herleef*. Jy moet sterf voor jy wedergebore kan word, en jy moet. . . Hy het 'n doodmaak van onsself nodig. Hierdie tabernakel het 'n doodgaan nodig en ek daarmee saam. Almal van ons, ons het 'n—'n doodgaan nodig, sodat ons kan herleef in 'n nuwe lewe, 'n nuwe houvas, 'n nuwe hoop, 'n nuwe ondervinding! Ons het eers 'n dag van rou nodig.

69 Ons het 'n plek van oorgee aan die Gees nodig, in plaas van soveel staat te maak op onderrigting en op ons programme, en ons. . . ons veldtogte en alles wat ons het. Ons—ons—ons maak staat op samewerking met soveel verskillende predikers, om saam te werk. Ons laat soveel toe. . . "As ons nie soveel kan kry nie, wel, sal ons dit nie doen nie. Ons sal nie na die stede toe gaan sonder dit nie." En dan, wanneer ons dit doen, maak ons dit in 'n yslike groot masjien wat 'n koolstofklop daarin het, sien.

70 So ons—ons moet wegkom daarvan, daardie menslike vermoë. Ons moet 'n punt bereik waar ons ons siele en lewens kan oorgee, selfs tot die huisvrou, tot die boer, tot die werktuigkundige, of wie ons ook al is, ons moet totaal aan God oorgee en weet dat "ons niks is" nie. Laat God van daar af begin. Dan begin Hy beweeg, werk. En dit sluit almal van ons in, elkeen. Dis die—die ding wat ons moet doen.

71 Geskiedenis bewys, doen nou, bewys (geskiedenis doen) dat God altyd die niemands gekies het om Sy iemands te word. God kies die persoon wat niks is nie.

72 Vandag, tensy jy 'n goeie teologiese agtergrond het, beter jy nie eens die stad probeer nader nie, jy beter nie eers probeer om 'n byeenkoms te nader nie. Maar as jy groot agtergronde het, met groot opleidings en dinge agter jou, kan jy in enige stad ingaan en 'n samewerking kry, 'n groot byeenkoms hou. Wel, dis nie 'n byeenkoms nie. . . Dis 'n byeenkoms, net soos enigiets anders, maar wat help dit? Sien, jy—jy steeds. . . Jy kry hierdie meisietjies en seuntjies wat opkom, wat kougom kou—kou en opgaan na die altaar, en vroue en mans wat daar opgaan net om te sê hulle "het opgegaan na die altaar," gaan in die kamer in na instruksies en kom weer uit en word besprinkel of onderdompel, of wat hulle ook al is, en 'n—en 'n jaar daarna. . .

73 Een van ons grootste evangeliste het gesê, as hy geweet het dat hy tien persent van sy bekeerlinge vir een jaar kon red, sou hy gelukkig wees. Wanneer, dan, wanneer as hy 'n duisend bekeerlinge gehad het, behoort daar die volgende jaar, waar daar tienduisend van hulle moes wees. Sien, ons mis die doelwit, ons mis die doel.

74 Sommige van ons bou dit op intellektuele begrip: "O," daardie: "hierdie beterweter, hierdie man is 'n opgeleide geleerde. Ons moet ons mense oplei en hulle leer."

75 Die volgende een baseer dit op 'n sensasie van—van beweging, skud, huil, skree, dans in die Gees, of iets, 'n emosionele uiterlike werk. En dis net so erg soos die geleerdheid! As die duiwel jou nie aan *die* kant kan kry nie, sal hy jou *daardie* kant afstamp.

76 Maar die eintlike ding is, is om niks te hê om op staat te maak in jouself of enigiets wat jy kan doen nie, net 'n algehele, totale oorgawe van jou swakhede aan God, en sê: "Hier is ek." Hê niks, geen vermoë waarop jy kan vertrou nie!

77 Soek terug deur die Skrif en vind uit, soos ek die Skrifte hier uitgeskryf het waarna ek verwys. Sommige terug deur die Skrifte, vind ons uit, dat God altyd die niemands gebruik het, om Sy iemand te word. Hy het altyd diegene geneem wat die wêreld verwerp het, die moderne eeu verwerp het, en dis die soort wat Hy opgetel het om te gebruik.

78 Oorweeg die—die apostels. Dink aan Petrus, die visserman, nie genoeg geleerdheid om sy eie naam te skryf nie. Johannes, die onkundige en ongeletterde. Daardie manne! Hy het by die adellikes en die geleerde priesters en die beroemdes van daardie dae verbygegaan, die geleerdes, die kerklidmate, en deurgekom . . . daardie mense wat gedink het hulle is iemand, en diegene opgetel wat niemand was, en hulle gebruik.

79 Nou, 'n iemand kan een van Sy mense word, God kan hulle gebruik, as hulle gereed is om te vergeet dat hulle 'n iemand is. As jy gereed is om te vergeet dat jy 'n *iemand* is en 'n *niemand* word, dan kan God jou gebruik en 'n iemand van jou maak. Sien? Maar jy moet vergeet dat jy so belangrik is.

80 Daar's baie van ons, baie van ons doen dit in—in ons lewens. Sodra . . . Sommige mense, sodra hulle Christene word, word hulle arrogant, afsydig, dis reg, wanneer hulle net die teenoorgestelde van die weg neem. Hulle gaan agteruit, in plaas van vorentoe. Wanneer . . . Hoe meer jy uit jouself kan uitkry, hoe meer plek het jy vir die Heilige Gees om in te kom.

81 Soos Elisa vir Jósafat-hulle gesê het, gesê: "Grawe hierdie plek vol slote. Hoe dieper jy grawe, hoe meer plek gaan jy hê vir water." En hoe meer van onsself, of die—of die eie vuilgoed, van ons eie vermoëns wat ons uit ons kan uitgooi, hoe meer plek sal

daar wees om gevul te word met die Gees van God; solank ons dit kan doen.

82 Paulus, die een van wie ons so pas gelees hier in—in Korinthiërs, in Twee Korinthiërs, ons vind uit dat hierdie man 'n groot man was. Hy was 'n geleerde, 'n groot man. Maar hy moes alles vergeet, wat hy ooit geleer het, om Christus te kon ken.

83 Ek gaan laat . . . een van hierdie Skrifte hier lees, sodat julle—julle dit saam met my wil lees. Laat ons blaai na Een Korinthiërs, die 2de hoofstuk en die 1ste vers, net 'n oomblik. En laat ons net hier vir 'n oomblik lees wat Paulus gesê het, hierdie groot geleerde man, wat hy van homself gesê het, wat hy moes doen. Een Korinthiërs, die—die 2de hoofstuk van Een Korinthiërs, en vanaf die 1ste vers. Luister na hierdie geleerde.

84 Hierdie man was opgelei. Hy kon omtrent enige taal praat wat daar in die wêreld was. Hy moes daarmee spog. Hy is grootgemaak onder die streng sekte van die Fariseërs, en sy vader was 'n Fariseër. Later was hy "'n Fariseër van die Fariseërs," en dit beteken dat hy was—hy was absoluut die—die strengste van die Fariseërs. Hy was 'n groot kêrel. En hy het gesag gehad, en hy was slim.

85 Sy vader het hom 'n geleerdheid gegee onder die beste leermeester wat daar in die land was, Gamaliël, op daardie tydstip, die edelste leermeester van enige van die skole. Paulus het daardie soort man geword. Hy het elke taal geleer. Hy het sielkunde geleer. Hy het al die verskillende dinge geleer wat daar is in . . . wat op daardie manier geleer kan word. En hy het swaar geleun na die—na die tabernakel van die—van die priesters en saam met die—die groot manne. En hy het rondgegaan en verwoesting gesaai in die Kerk.

86 Luister na hierdie selfde man, met al sy geleerdheid, nadat hy Christus ontvang het. Luister na wat hy gesê het. Hoe sterk en groot hy was, hy moes dit vergeet. Hy moes besef dat hy nie op homself kon staatmaak nie. Hy moes besef dat sy geleerdheid niks was nie. Hy moes besef, dat al die opleiding wat hy ooit gehad het, hy alles sou moes vergeet waarvoor hy ooit opgelei was. Luister nou na hom.

> . . . *toe ek by julle* kom, *broeders, . . . nie aan julle die getuienis van God kom verkondig met voortreflikheid . . . van wysheid nie,* sien,

Ek het nooit na julle toe gekom om julle te vertel: "Nou, ek is Doktor Saulus van die Skool van *So-en-so*, ek is die . . . van die groot sekte van hierdie denominasie nie." Ek het nooit so na julle toe gekom nie.

> *Want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.*

87 Daar, luister na die getuienis van 'n man soos daardie.

Ek het my voorgeneem om niks van julle vermoëns te weet nie. Ek weet dat daar niks in julle is nie, en ek het my net voorgeneem om een ding te weet wat ek in julle sien, dis Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Die gekruisigde Verlosser onder julle, dis al wat ek gaan herken.

88 Luister na hom.

> *En ek was ook by julle in*. . .(grootheid? In wat?) *swakheid en in vrees en*. . .*veel bewing;*

89 Kan julle julle 'n man voorstel, 'n Fariseër van die Fariseërs, 'n leermeester van die leermeesters, 'n man wat van kinderdae af opgelei is (vir die bediening) om 'n welsprekende man te wees, wat slim en briljant was, om voor 'n klas mense te kom, soos die Korinthiërs, en te sê: "Ek was by julle in swakheid en in vrees, en veel bewing"? 'n Man wat die wêreld omgekeer het, die grootste sendeling wat ooit geken is, bely dat hy "gekom het in swakheid," nie as 'n opgeleide geleerde nie, maar "in die swakheid, in vrees," dat hy iewers die Pad sou byster raak. "In veel bewing," omdat hy nie op sy eie vermoë kon staatmaak nie.

90 Die rede waarom hy "gevrees" het, nie omdat hy bang was vir enigiets nie, maar hy was bang dat Hy God ontevrede sou maak op 'n manier, dat hy sy eie vermoë Daarmee sou vermeng; iets wat hy geleer het, wat hy het. . .Hy het hulle dit vertel: "Ek het nie na julle toe gekom met voortreflikheid van woorde nie (Ek het na julle toe gekom in *vrees* dat ek so sou kom), maar ek het na julle toe gekom in die wete van niks behalwe Christus nie, en Hom as gekruisigde."

> *Ek* het na *julle* gekom *in* vrees en swakheid *en in veel bewing;*
>
> *En my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van die Gees en*. . .*krag,*

91 Luister na hierdie man, wat 'n stryder was, wat homself gestroop het. Amen! As daar enigiets is wat ons skole vandag nodig het, as dit enigiets is wat ons kerke vandag nodig het, is 'n stroping van hulleself, van julle eie gedagtes en julle eie vermoëns. Stroop julleself voor God, tensy julle iets in julleself sou probeer doen.

92 Ek hoop julle. . .dit gaan diep af vir ons, beide hier en die bandopnamewêreld, ook, dat julle besef dat julle niks moet word nie. Nie 'n beterweter nie, nie 'n groot iemand nie, maar 'n *niemand*. Jy wees. . .moet stof word. Jy moet 'n punt bereik waar jy weet dat jy niks is nie. En moet nooit bo dit uitstyg nie, want sodra jy bo dit uitstyg, styg jy bo God uit. Jy moet jouself in die stof hou en op die pad na Damaskus. Julle moet julleself van julle hoë perde afhou. En dis vir oral, hier en in die bandopnamewêreld.

93 "My rede," het hy gesê: "is nie. . . in die oorredende woorde van die mens en menslike wysheid nie, maar in die betoning van die Gees van krag."

94 Hou nou dop! "Waarvoor, Paulus? Waarom doen jy dit?"

Krag! *Sodat julle geloof nie in die wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God.*

95 O, wat 'n prediker! Hierdie groot man wie. . . Hy het God gesoek, en hy het gesê: "God, ek is swak en ek—ek weet nie wat om te doen nie. Ek bid net dat U, God, my sal versterk en my swakhede sal wegneem van my, en hierdie dinge, sodat ek sterker kan wees."

96 God het hom terug geantwoord, gesê: "Paulus, My krag word volbring in jou swakheid."

97 Toe het Paulus gesê: "Wanneer ek swak is, dan is ek sterk. Ja!" Hy het gesê: "Dan sal. . . Ek sal roem in my swakheid van my swakhede ensovoorts. Ek dank God dat ek dit alles uit my uitgekry het. En wanneer ek alles uit my uitkry, dan kan God inkom. Maar solank ek 'n bietjie van myself daar het, dan kan God nie inkom nie."

98 Daar, dis dit, ons—ons versmoor Hom. Ons verdryf Hom met ons. . . Van die armstes van ons tot die rykste van ons, van die geringste tot die belangrikste, hou ons God uit ons lewens uit, as gevolg van onsself.

99 Ek het dikwels gesê: Die grootste vyand wat ek het, is William Branham." Hy's die een wat in God se pad kom. Hy's die een wat lui raak. Hy's die een wat 'n punt bereik partykeer waar hy dink hy kan iets daaromtrent doen, en, wanneer hy dit doen, stoot dit God heeltemal uit die prentjie uit. Maar wanneer ek ontslae kan raak van daardie kêrel, waar ek 'n punt kan bereik dat hy uit die pad is, dan kan God oorkom en dinge doen waarvan William Branham niks weet nie.

100 Dis wanneer God jou kan gebruik. Dis wanneer Hy enige van julle kan gebruik. Hy kan enigiemand gebruik wanneer ons uit die pad uit kom. Maar solank as wat ons onsself in die pad het, dan kan ons nie. Goed.

101 Nou vind ons uit, hierdie groot kêrel, Paulus, hy was 'n—hy was 'n prins onder die predikers. Hy is deur elke denominasie gerespekteer. Daardie man kon na 'n stad toe gaan en enige plek 'n byeenkoms hou. Waarom? Hy het geloofsbriewe gehad. Wel, hy was so groot, en so vasbeslote om al die mense uit te roei wat swak was, totdat hy mag van die hoëpriester gekry het, die heel hoogste gesag, om elkeen van daardie Christene te bind. Politieke mag van sy kerk, om hulle almal te bind! O, hy was sterk! Hy kon die Christene bind en hulle in die tronk gooi, omdat hulle nie met hom wou saamstem oor sy teologiese doktrines, oor die doktrines van die Fariseërs en Sadduseërs nie. Hy het die Christene gebind.

102 Maar, let op, hy moes gebind word, self, sodat hy dit kon verloor, hy sy krag en gesag kon verloor. Hy is gebind, self, om die krag wat hy gehad het om mee te bind, te verloor. Hy moes verloor wat hy was, om gebind te word.

103 God gaan by die edeles verby! Hy het by die priesters verbygegaan. Hy het by dié, wat arrogant was, verbygegaan. En Hy het Paulus gekies, hierdie groot man, en hom in die stof van die aarde laat val en dinge laat doen wat hy . . . soos daardie ander gedoen het. Hy het hulle laat optree in die . . . hom op dieselfde manier laat optree as hulle wat hy gearresteer het. Hy het Paulus gebind deur die Gees van God, om hom los te maak van die krag wat hy gehad het om Christene mee te bind. Sê vir my God weet nie wat Hy doen nie? Hy het sy krag weggeneem sodat hy sy—sy houvas kon verloor.

104 Hoeveel predikers kon God vanmôre gebruik, as hulle net vir God sou toelaat om hulle te bind met Sy Woord en met Sy krag, en hulle losmaak van die krag van hulle denominasies en organisasies! Hoeveel opregte mense in hierdie stad, vanmôre, wat na hierdie groot organisasie kerke toe gaan, hoeveel kan Hy vul met die Heilige Gees, en hierdie land aan die brand steek met die Evangelie en die krag, as hulle net sal neem en hulleself losmaak van die krag wat hulle het en gebind word deur Sy Gees, om te wees soos Paulus was, 'n liefdeslaaf vir God!

105 God het Paulus geneem en 'n slaaf van hom gemaak, hom aan Homself verbind en hom na die Heidene toe gestuur, wat hy gehaat het. Maar, julle sien, hy moes losgemaak word van sy kerklike mag, om verbind te word aan die krag van God. Hy moes sy krag verloor en swak en niks word, om die krag van God te ontvang, om aan God verbind te word, om te doen wat God vir hom sou sê om te doen.

106 Dis wat ons moet doen vandag. Dis wat ek nodig het. Dis wat elke man nodig het, is 'n verloor van homself, verloor van sy vermoë, verloor van wat hy is, dat hy 'n algehele oorgawe aan die Heilige Gees kan hê. Die huisvrou het dit nodig. Die skoolseun het dit nodig. Ons neem . . . selfs ons kindertjies.

107 'n Sekere seuntjie waaraan ek dink, gistermiddag of eergister, of eendag, het hy ingegaan en sy oudste suster gekry om vinnig sy les uit te skryf, en uitgekom en die seuntjies vertel, gesê: "Sjoe! Daardie vrae was maklik." Sien, hulle word, amper, geleer om te kul.

108 Hoeveel beter sou dit wees . . . En daardie mense is pilare in 'n kerk. Hoeveel beter sou dit wees vir Pa, in die oggend tydens ontbyt, te sê: "John gaan vandag sy eksamen hê. O God, wees met John! Help John! Hy het my gevra in die slaapkamer vanoggend, hy het gesê: 'Pa, bid vir my vandag, ek moet my eksamen doen. Bid vir my.'"

109 Ek sou liewer wou hê my seun moet 'n—'n goeie, eerbare "F" op sy kaart kry, om te druip, as wat ek sou wou weet hy het 'n reguit "A" gekry en gekul daarvoor. Ja, meneer! Wat ons nodig het, is om onsself te verloor, heeltemal staat te maak op die krag van God.

110 Nou: "gebind." God gaan by die edeles verby en kry die swakheid. God gaan by diegene verby wat dink hulle is iets, om iemand te neem wat niks weet nie, om te orden om Sy werk in hulle lewe te doen. Dis wat ons kry.

111 God het vir Paulus gesê: "My krag word volbring in jou swakheid. My—My krag word beter volbring, soos jy swakker word. Hoe meer jy aan My kan oorgee, hoe beter kan Ek jou gebruik. Hoe meer jy kan vergeet van jou geleerdheid, hoe meer jy kan vergeet van jou denominasie, hoe meer jy kan vergeet van jou goed, en jouself oorgee aan My, hoe meer kan Ek jou gebruik. Omdat jy swak word, sal Ek—sal Ek My Eie doel versterk."

112 God kan krag maak uit swakheid! Dis hoekom Hy dit altyd doen. Toe Hy Sy dissipels gekies het, wie sou dink . . .

113 Die nederigheid van Sy Eie Seun, toe Hy in 'n stal gebore is, in 'n bemiste stal, in die koeistal, en toegedraai in sweetdoeke! Sien, Hy kon deur 'n paleis gekom het. Hy kon afgekom het met die Hemelgange, en al . . . 'n volle Engele groet. Maar Hy het gekies om Christus die Voorbeeld van ons te maak, vir ons, en Hy het Hom in nederigheid gebring.

114 Hy het Hom nooit opgelei in die skole van hierdie wêreld nie, maar Hy het Hom opgelei deur Sy Eie krag, om . . . sodat Hy Homself heeltemal kon oorgee, nie aan die gedagtes van mense, of die krag van die wêreld nie, maar Homself oor te gee aan die krag van God.

115 En dis wat ons vandag is, ons gee onsself oor in ons groot denominasies en sfere. Ons gee onsself oor aan die denominasie, wat dit sê, wat *hulle* daarvan gesê het. Maar dit is teenstrydig met God se wil. Ons moet onsself oorgee aan die Gees van God en gaan waar die Gees sê om te gaan. Dis reg.

116 God se Hebreërs wat ons . . . God se soldate, liewer: "helde." Ons het pas gelees in die Boek van Hebreërs, die 11de hoofstuk en die 34ste vers.

> . . . *krag uit* swakhede *ontvang,* . . .

117 Hulle moes swak word, voordat hulle sterk kon word. Uit hulle swakhede, het hulle krag ontvang. Julle wat die Skrifte neerskryf, daarbuite, Hebreërs 11:34. Goed.

118 Hier is iets om ons te troos. Hier is iets wat bemoedig. Uit swakheid en nederigheid, kies God die mense om Sy Koninkryk uit te bou. As ons ooit in die Hemel kom, as ons ooit in die Teenwoordigheid van God staan, saam met Sy Kerk, sal ons

onder 'n klomp mense staan, wat swak was en verworpe en uitgewerp deur die wêreld, en niks-weters.

119 Is dit nie vreemd dat God ons met skape vergelyk het nie? 'n Skaap is die hulpeloosste ding wat daar is. Daar is niks so min in staat tot verdediging as die skaap nie. 'n Haas kan hardloop; 'n eekhoring kan in 'n boom opgaan; 'n hond kan byt; 'n leeu kan verskeur; 'n perd kan skop; 'n voël kan vlieg; maar 'n skaap staan hulpeloos.

120 En dis hoe God ons wil hê. Besef dat ons heeltemal onvoldoende is, dan neem God daardie persoon en begin Homself vorm in daardie persoon; laat sy hande doen wat God wil hê hande moet doen, sy lippe laat spreek wat God se lippe sou spreek; omdat hulle nie syne is nie, hulle is God s'n. Hy begin 'n karakter bou, begin hierdie swakheid neem, om Sy Eieself te maak.

121 Hy bring ons hier op die aarde, vir dan . . . Ons is geleerd, ons is slim. Het julle ooit opgelet na die geslagte, die stambome? As ons neem, byvoorbeeld, soos in Abel, uit Abel het Set gekom; Set se stamboom het reguit afgekom, verder af na Noag se tyd, almal van hulle was net nederige boere. Maar Kain se kinders het slim geword, skelm, geleerd, groot manne, bouers, professionele manne.

122 Maar God se kant was swak en nederig. Dis hoe God hulle gebruik het. Dis God se geleentheid. Dis God se manier om ons te kry, is wanneer ons swak is. Ons kry iets dan. Dit bemoedig, natuurlik, want God se hele Koninkryk is uit sulke soort mense gebou. Dan as jy by daardie soort manier kom, dan kan jy—kan jy . . . is jy in Sy Koninkryk.

123 Die saak is, met ons, dat . . . nie dat ons te swak is nie, die saak is dat ons te sterk is. Ons—ons—ons is net te sterk. Dis al. Die ding is ons is net te sterkkoppig. Dis reg, ons is te sterk in ons kop. Ons weet te veel. God wil dit uit ons uitkry. Dis reg. Ons is te sterk, ons is te sterk om oor te gee aan Hom. Ons moet . . . Ons—ons gee oor aan onsself. Ons moet dink: "Wel, nou, hier, ek—ek het genoeg verstand om te weet!"

124 Ek was verstom 'n paar aande gelede toe mamma siek was, by die hospitaal. Ek het gegaan na . . . Daar was 'n dametjie langsaan . . . As daardie dametjie hier is, vergewe jy my, suster. Sy's 'n Kentucky meisietjie van daaronder af, en ons het . . . en dit was haar skoonma. En ek het daardie aand met haar gepraat, vrou en ek, daar tot omtrent eenuur in die môre. En haar man het gaan lê op die vloer en aan die slaap geraak; sy het gesê: "Gaan hier uit! Jy beteken niks vir jou mamma, in elk geval nie." En hom uitgejaag, haar man, uit die kamer, omdat hy net reguit voor die deur gelê het, waar die verpleegsters, niemand kon inkom nie; net aan die snork, op die vloer. So sy het hom laat opstaan en hom uitgejaag.

125 En sy het begin praat daar. Ek het met haar begin praat oor die Here, ensovoorts. En sy het gesê: "Wel," het sy gesê: "al wat ek ooit geken het was 'n gansnekskoffel in 'n tabakland, vroeg in die oggend, om die onkruid en suigtabak uit te sny, ensovoorts soos daardie." Gesê: "Maar, ek sê jou," gesê: "pappa het ons, elkeen, skool toe gestuur." En gesê: "Ons het steeds geen verstand nie."

Ek het gedink: "Wel, miskien is dit die rede."

126 Sien, jy—jy moet die dinge van die wêreld van jou af weghou. Nou, ek ondersteun nie onkunde nie, nie—nie dit nie, maar ek probeer dink dat, wanneer jy 'n punt bereik, waar jy dink dat jy net soveel weet, totdat niemand anders niks daarvan weet nie. Jou kennis is goed, solank dit nie—dit nie met God se beloftes inmeng nie.

127 Ons word beheer deur vyf sintuie, en daardie vyf sintuie (sien, proe, voel, ruik, en hoor) is baie goed, totdat hulle die Geloofsintuig onderbreek. Dan, wanneer hulle teen Geloof kom . . . En hoe weet jy watter een reg is? Want Geloof sal altyd met die Woord saamstem. En dan as—as jou geloof teenstrydig met die Woord is, of jy dink dit is, dan het jy nie Geloof nie. Jy het 'n skyngeloof. Jy roem op jou sintuie, op 'n geleerdheid wat jy van geleer het, of iets. Maar wanneer jy wegkom daarvan en heeltemal op Geloof staatmaak, en Geloof kan net gebou word op die Woord van God (korrekte Geloof).

128 'n Dokter het eenkeer vir my gesê: "Ek glo, Billy, as daardie mense . . . as jy vir hulle sou sê om daar uit te gaan en daardie paal aan te raak, daardie boom, en hulle sou glo dat hulle gesond sou word, sou hulle net so gesond word."

129 Ek het gesê: "Nee, meneer. Dit kan nie, dokter, as gevolg van hierdie een ding, sien, daardie mense weet dat daardie net 'n paal is. Hulle weet daar's geen krag of geen sterkte in daardie paal is nie."

130 Maar enige mens wat verstandelik gebalanseerd is, sou weet dat daardie die Woord van die lewende God is, dat ek my geloof daarop kan baseer en weet Dis SO SPREEK DIE HERE! En as enigiets teenstrydig Daarmee is, dan glo ek nie my sintuie nie. Nee, meneer, los dit net uit. Volg jou ander sintuig, die sintuig van Geloof.

131 Goed, God neem daardie mense om te doen . . . Wanneer hulle niemands is, sal hulle aan Hom oorgee.

132 D. L. Moody van Chicago, hy was van Boston, hy was 'n skoenmaker; 'n klein kêreltjie, ontoereikend, het nie op homself staatgemaak nie. Nou, jy neem hierdie groot skole wat hulle het, die Moody skool wat hulle daarbo het, as Dwight Moody weer kon opstaan en daardie skool sien, die eerste ding wat Dwight Moody sou doen, sou wees om ontslae te raak van daardie skool.

133 As Martin Luther kon opstaan, die eerste ding wat hy sou doen, is ontslae raak van die Lutherse organisasie. John

Wesley sou dieselfde doen. Daardie manne het nooit daardie organisasies gestig nie, dit was die manne wat op hulle gevolg het, wat dit gedoen het.

134 Paulus het nooit geen kerk georganiseer nie, omdat hy gesê het, self: "Na my vertrek, sal baie van julle eie skare onder julle opstaan, en verdraaide dinge verkondig." Dit was na Paulus se dood, en 'n honderd (of twee) jaar daarna, dat hulle die Katolieke kerk gevorm het, die eerste organisasie.

135 Manne het opgestaan! Dit was na Moody se dood dat hulle die Moody Skool gehad het; na Wesley se dood, dat hulle die Wesleyaanse kerk gevorm het; na Luther se dood, dat hulle die Lutherse kerk gevorm het. God stuur helde; en hulle bou . . .

136 Geen wonder Jesus het gesê: "Julle—julle witgepleisterde grafte!" Hy het gesê: "Julle—julle versier die profete se grafte, en julle is diegene wat hulle daarin gesit het!" Dis reg.

137 Hierdie groot manne staan op; dan bou hulle vir hulle 'n gedenkteken. Ek dink, net soos Dawid: "God goed gedien in sy eie geslag." So dis hoe om dit te doen. Laat die organisasies en dinge daar, wat jy dit van jou af weghou.

138 Moody, ou skoenmakertjie, hy was swak. Hy was 'n toonbeeld van swakheid. Die eerste ding wat dit sê wat Moody gedoen het . . . Hy het glad nie enige geleerdheid gehad nie, en sy grammatika was so swak, dit was verskriklik. 'n Man het eenkeer na hom toe gekom en gesê: "Mnr. Moody," gesê: "jou grammatika is die swakste wat ek ooit in my lewe gehoor het."

139 Hy het gesê: "Ek wen siele met my onkunde, wat doen jy met jou geleerdheid?" Ek dink dit was 'n goeie antwoord. Was beslis!

140 En nou, jy 'n lid van daardie Skool word, sal jy beslis 'n bedrewe geleerde moet wees. Dis reg. ['n Broer sê: "Dit net omgedraai!"—Red.] Nou, ja, hulle "het dit omgedraai" is reg, reguit terug na die ander kant gegaan.

141 Dis wat mense doen. Toe ek gesê het aan die begin van my boodskap . . . In plaas daarvan dat Christene hulleself verneder en hulleself leegmaak om meer van die plek van God te vind, probeer hulle hulleself opbou in 'n tuisgemaakte kennis, of een of ander tegniese skool kennis, of iets, wat hulle verder wegdryf van God, as wat hulle was, toe hulle begin het.

142 Dis wat ek dink van hierdie kunsmatige altaaroproepe. Jy bring hom in, en volgende keer is dit tien keer moeiliker om hom weer terug te kry. Laat hom sit en luister tot God vir hom iets doen! En laat hom dan kom en dit bely, en opstaan, die Naam van die Here aanroep. Dis reg.

143 Let op na Moody, swak in geleerdheid, swak in spraak, hy het deur sy neus gekerm. Ek het net nou die dag sy geskiedenis gelees: "Deur sy neus gekerm, nasale toestand." Fisies klein, kaalkop kêreltjie, wangbaarde wat afgehang het teen sy . . . ? . . . ;

’n klein, kort kêreltjie. Fisies, was hy ’n fisiese ramp. So hy het niks behalwe voortdurende swakheid gehad nie. Maar God het hom gebruik, om die wêreld te skud in sy dag!

144 Eenkeer was daar ’n verslaggewer wat na sy diens toe gegaan het (het ek gelees), en verslaggewers, om ’n verslag te skryf oor watter soort man hierdie was (’n groot man, ’n groot kêrel).

145 Waar is daardie skakelaar, waarmee jy die bandopname mee afskakel? Hierdie dit? Ek sal net dit daar moet hou.

146 ’n—’n Groot man, was Moody. Hy was ’n goeie man. En so kon hy die aandag van die mense trek, hulle in verrukking hou. So daar was ’n verslaggewer wat na Mnr. Moody toe gegaan en gesê het . . . na die diens toe gegaan het om ’n verslag te skryf, oor watter soort groot opbou . . .

147 Soos die verslaggewer net onlangs gegaan en verslag gedoen het oor ’n ander groot evangelis, gesê: “Daardie man is welsprekend. Hy is ’n Doktor van Godsgeleerdheid. Hy gebruik die beste grammatika wat ek nog ooit gehoor het. Hy hou die mense in sy sielkunde. Hy kan die mense in verrukking hou.”

148 “Dwight Moody,” toe die verslaggewer gegaan het gesê: “Ek sien nie wat in hom is, wat aantreklik vir enigiemand is nie.” Gesê: “Die eerste ding, hy’s lelik soos wat hy kan wees. Die volgende ding, hy’s ’n fisiese ramp. Die volgende ding” het hy gesê “hy is, hy het geen geleerdheid nie. Sy grammatika is die swakste wat ek nog ooit gehoor het!” En gesê: “Hy het ’n gekerm en ’n hyging wanneer hy preek.” En gesê: “Ek sien niks in Dwight Moody, wat die aandag van enigiemand sou trek nie.”

149 Die artikel is vir Mnr. Moody gebring. Hy het dit gelees, soort van by homself gelag, gesê: “Beslis nie; dis God.” Sekerlik! Mense het nie gekom om vir Dwight Moody te sien nie, hulle het gekom om God te sien.

150 Die mense gee nie om hoeveel jy getuig nie, hulle wil ’n werklikheid daar in jou lewe hê, wat bewys dat God jou beetgekry het. Laat jy wees Metodis, Baptis, Pinkster, wat jy ook al wil wees, hulle wil God sien. Dis reg, mans van . . . groot mans, mans wat swak is en hulle swakheid besef.

151 Kyk na Moses, die jong intellektuele man. O, hy was ’n geleerde. Hy was so opgelei in al die wysheid van die Egiptenare, totdat hy die Hebreërs kon leer. Hy kon die Egiptenare leer. Hy kon enigiemand leer, omdat Moses ’n groot man, slim kêrel was. O, hy was magtige man.

152 In Cecil DeMille se begrip daarvan, toe—toe hy *Die Tien Gebooie* laat speel het, en hy sy man laat kom het wat was . . . Ek vergeet die man se naam, wat die rol van Moses daarin gespeel het, een of ander akteur, maar ’n yslike groot man met groot arms en krag. En Moses was miskien daardie soort man.

153 Ons weet hy was sterk en goed opgelei, so hy het dit op homself geneem, ten aanskoue van die behoefte van die dag. (O, mag God dit tuisbring!) Ten aanskoue van die behoefte van die dag, het Moses met sy intellektuele magte en sy vermoë, wat hy gehad het om dit mee te doen. . . Hy was 'n slim man. Hy was die volgende Farao. Hy het sielkunde gehad. Hy het—hy het mag gehad. Hy het fisiese krag gehad. Hy het—hy het alles gehad. So hy het gesê: "Ek's goed toegerus. Ek ken dit alles. En as daar 'n man in die land is, wat in staat is om dit te doen, ek is. So, ek's die man van die uur, so ek sal uitstap." En hy het uitgegaan om 'n werk te doen wat reg was en in die wil van God, en hy het sy natuurlike vermoëns aangebied. En God het dit geweier! Hy kon nie een ding gebruik, wat Moses gehad het nie.

154 Hy kon dit nie toe gebruik, of Hy. . . Hy kan dit ook nie nou gebruik nie. God kan nie ons natuurlike vermoëns gebruik nie. Ons moet onsself en ons vermoëns uit die pad kry, en oorgee aan die wil en krag van God.

155 Sê: "Wel, broer, ek kan preek." Hy kan dit nie gebruik solank as wat *jy* kan preek nie. "Dis alles reg, ek kan *dit* doen, ek kan *dat* doen." Jy kan niks doen nie. Wel, dan kan God dit nie gebruik nie. Maar as jy jouself sal oorgee aan God en Hom dit laat doen!

156 Sê: "Wel, Broer Branham, ek weet. Ek's 'n leeraar." Wel, solank as wat *jy* die leeraar is, wel, sal Hy nie baie ver kom nie. Maar die Heilige Gees is ons Leraar. Sekerlik, is Dit! God het die Heilige Gees gestuur om die Leermeester oor die Kerk te wees.

157 Party mense gaan skool toe vir jare en jare en jare. Wat doen hulle? Lees artikels uit die Bovertrek, en so (o, dis goed) neem julle die Nasionale Sondagskoolles. Ek het niks daarteen nie. Dis Woorde van God, en dinge, maar dis saamgestel deur intellektueles! Dit moet kom deur die krag en die opstanding van Christus, en jy kan nie staat maak op jou natuurlike vermoëns nie.

158 So, Moses, hierdie jong, goeie sterk reus, intellektuele man, hy het uitgegaan om 'n goeie werk te doen; maar God kon dit eenvoudig, absoluut nie gebruik nie. Hy kon nie sy natuurlike vermoëns gebruik nie.

159 En ons kan nie. . . Dit is nie vandag, dat ons nie kan. . . God kan nie ons natuurlike vermoëns gebruik nie.

160 Maar daar is een ding wat Moses gehad het, wat ek bewonder, hy het genoeg verstand gehad om te weet hy is verslaan. Ons het nie. Dis al. "Ons sal 'n *nuwe* denominasie maak. Ons sal iemand anders kry met 'n genesingsgawe, of iets," die Pinksters, julle sien. Sien? Ons—ons weet net nie genoeg om te besef ons is verslaan nie. Die Pinksterkerk, die Gemeentes van God, die Verenigde, die res van hulle, lyk of hulle nie die vermoë het om te weet hulle is verslaan nie. Halleluja! O, ek wens ek kan dit laat insink. Hulle is verslaan. Die kerkorganisasie is verslaan!

Net soos hierdie Verenigde State verslaan is, vrees en bewing, en bomme wat oorkant hang vir hulle, hulle weet hulle het hulle lewe weggedans en oorgegee aan die hel. En hulle is verslaan, die Gees het uit hulle uitgegaan. Jy sal in die bome moet soek na jongmanne om na die weermag toe te gaan; hulle het gesien wat in die ander een gebeur het. Ons is verslaan! Die kerk is verslaan. Hulle weet dit.

161 Moses het dit besef, toe het hy genoeg geweet toe. . . God het hom agter na die agterkant geneem, in die wildernis, om hom 'n paar menslike swakhede te leer. Hy het hom agtertoe geneem, om vir hom te leer waaroor dit alles gegaan het. So goed het hy geleer! O, goeiste, het hy darem 'n les gekry! God moes 'n tyd met hom daaragter gehad het! Julle weet, Moses het 'n humeur gehad; en God het hom die vrou met die naam van Sippóra gegee, sy het ook een gehad. So ek veronderstel alles was nie so minsaam aan die agterkant van die woestyn vir 'n rukkie, as albei van hulle humeure op dieselfde tyd buite beheer geraak het nie.

162 Ek veronderstel sy intellektuele begrip van hoe sielkunde 'n persoon behoort te beheer, het nie veel gehelp nie, want, toe hy op sy pad was, af na Egipte toe, sien ek dat Sippóra steeds 'n humeur gehad het. Sy het die voorhuid van haar seun afgesny en dit voor Moses gegooi, gesê: "Jy's 'n bloedbruidegom vir my."

163 En God was so kwaad vir hom, Hy. . . gesoek na hom aan die einde, as Hy hom kon vind, sou hy hom doodgemaak het. Ek reken daar was 'n paar dingetjies wat God hom moes leer daaragter, sien, dat hy 'n mens was. Al sy wysheid van Egipte, en al sy kragte van intellektuele, God kon nie een van hulle gebruik nie.

164 Jy kom, sê: "Nou, Here, ek is nou vir veertig jaar opgelei, ek's 'n—ek's 'n intellektuele student. Ek kan die Bybel aanhaal met my toe oë." God kan niks daarvan gebruik nie. Sien? Nee.

165 "O, ek behoort aan die grootste kerk wat daar in die land is. Ek—ek's die. . . Ek's *dit*, Here. O, ek's 'n Pinkster. Ek. . . Ere aan God! Ek het pas die Heilige Gees ontvang nou die aand. Halleluja! U gaan my *so-en-so* laat maak." God kan nie enigiets daarvan gebruik nie. Nee!

166 Wanneer ook al jy verslaan word en besef jy is verslaan, en kom dan terug en verneder jouself. Word swak, vind uit jy's menslik. En daar's niks van jou intellektuele kan doen om. . . Menslike swakhede sal nooit deur God gebruik kan word nie; God, deur menslike swakhede, stort Homself uit in jou, dan gebruik Hy Homself. Jy word net 'n instrument. Sekerlik! Jy moet jouself uit die pad kry.

167 Moses, o, hy het geleer, hy het menslike swakhede baie goed leer ken. Hy het dit so goed leer ken, dat, toe God hom geroep het, hy sewe swakhede gehad het, waarmee hy teen God se roeping kon stry. Het julle ooit in die eerste deel van Eksódus bestudeer,

die sewe swakhede? Ek—ek het hulle hier neergeskryf. Ek wil hê julle moet na hulle luister. Die eerste swakheid wat hy gehad het, was 'n gebrek aan 'n boodskap. Die tweede swakheid wat hy gehad het, was 'n gebrek aan gesag. Die derde swakheid wat hy gehad het, was 'n gebrek aan welsprekendheid. Die vierde was aanpasbaarheid. Die vyfde een was sukses. En die sesde een was aanvaarding.

168 Nou, vergelyk joune met syne en kyk of jy kan opkom daarmee, kyk of jy so swak kan raak soos hy was. "Here, ek—ek is niks werd nie. Ek kan nie praat nie. Ek—ek—ek het 'n Egiptenaar doodgemaak. Ek kan nie teruggaan nie. O, alles! Hulle sal my nie ontvang nie. Ek het geen boodskap nie. Ek het . . . Ek kan nie praat nie. En ek's—ek's swaar van mond." En sien hoe hy was? Hy was niks! Broer, hy is genees. Ja, God kon hom toe gebruik, na hy genees was. Sien? Ja.

169 Ja, Hy kan ons gebruik nadat ons genees is, om te vind dat: "My Ph.D. en L.L.D. en dubbel L.D.," of wat dit ook al mag wees: "al my grade niks is." God kan hulle nie gebruik nie!

170 "Wel, ek's Gemeente van God. Ek's 'n Eenheid. Ek's 'n Baptis. Ek's 'n Presbiteriaan." God kan niks daarvan gebruik nie! Hoe gouer jy daarvan wegkom, wel, hoe beter jy, sal jy—sal jy jouself aan God oorgee.

171 Soos die profeet was, gesê het: "Ek's 'n mens met onrein lippe, en onder onrein mense." En die Engel het gegaan en 'n—'n tang geneem, en opgegaan na die altaar en 'n vuurkool geneem en sy lippe aangeraak. Toe het hy uitgeroep: "Here, hier is ek; stuur my." Ja, nadat hy besef het dat hy . . . Tog as 'n profeet, het hy onrein lippe gehad.

172 Sodra ons kan besef ons is—ons is niks nie, dat jy niks is nie, jy die stof van die aarde is . . . kan God jou nie gebruik nie . . . Ja, jou ondervi- . . . Al jou swakhede sou nie met Moses s'n ooreenstem nie. Hy het ses verskillende swakhede hier gehad, en hy het menslike swakhede leer ken.

173 Nou kyk na die verskil tussen *daardie* Moses wat God ontmoet, en *Moses* wat kyk na die . . . ? . . . soos vandag. Gesê: "Sê, ons het *so-en-so* nodig! Ons het 'n herlewing in die land nodig. Ek sê julle wat ek gaan doen, ek gaan terug en gaan studeer, totdat ek my Baccalaureus Artium ontvang. Uh-huh! Ek gaan terug en studeer, totdat ek verordineer kan word as 'n LL.D. Ek gaan literatuur bestudeer. Ek gaan dit alles doen, dan sal ek uitgaan en ek sal 'die man van die uur' wees. Ek sal al hierdie kêrels uitstof, wat hieronder begin het." (O, broer!) "Ek sal vir my 'n drie-miljoen-dollar-gebou kry. Ek sal vir my 'n dosyn cadillacs kry. En . . ." O, broer! Jy kan—jy kan net sowel nie begin nie, omdat jy verslaan is, om mee te begin, jy sien. Maar die probleem daarmee is, hulle weet dit nie!

174 Hulle dink hulle moet krulhare hê en aanpakke dra en "ahmen" so mooi sê, en alles soos dié, en 'n prins wees. Dis 'n vrou se handpop!

God wil mans hê, goddelike mans, mans wat kan skud!

175 Maar vandag wil ons Hollywood hê. Ons wil iets hê wat aantreklik is vir die oog. Ons wil iets hê wat so intellektueel kan praat, dat hy ons kan laat slaap vir vyf minute terwyl hy . . . op Sondagoggend.

176 God wil skeiers hê, wat haar sal uitstuur soos 'n weerligvlam, wat sonde bestraf tot in die wortels, (dis reg) dit uitgrawe.

177 Maar ons is . . . Ons wil ons intellektuele pastore hê. Meeste van die mense wil 'n fluisterende pastoor hê, iemand wat sê: "Ja, skattie."

God wil donderslae hê! Ja, meneer.

178 Klop hulle op die rug, en hulle met kort hare en grimering aan, en alles anders, en klere dra waarin hulle gegiet is, en alles soos daardie, en sê nie 'n woord daarvan nie.

179 Groot man het my in sy kantoor ingeroep hier, (nie sy kantoor nie) sy veldkantoor, hier 'n rukkie, nie lank gelede nie, gesê: "Ek wil hande op jou lê, dat jy daarmee sal ophou!"

Ek het gesê: "Dit moet jy nie doen nie. Dit moet jy nie doen nie. Nee, meneer."

180 Wanneer jy dit stop, stop jy die Boodskap. Jy stop God, wanneer jy dit doen. Ja, meneer. Ons wil niks daarvan hê nie.

181 Het God jammer gevoel vir Moses, met al sy swakhede, gesê: "Arme Mosesie, iets—iets het beslis met jou gebeur, jy het jou graad verloor. O, goeiste! Hier, ja, jy was 'n groot man, 'n intellektuele, en daar sou niks jou stuit nie. Broer, jy het al jou Ph. D.'s en LL.D.'s gehad, en alles anders, en nou kom jy hier en bely dat jy niks is nie, jy kan niks doen nie. Jy's—jy's net so swak"? Nee! God het hom nie jammer gekry nie. God het hom nooit bejammer nie. God het hom toe genees van al daardie goed. Hy was nie jammer vir hom nie.

182 Maar ons vind uit, as julle dit neerskryf, Eksódus 4:14: "Die toorn van God het teen hom opgevlam." God was nie jammer vir hom, omdat hy swak was nie.

183 Jy sê: "O Here, ek voel net so sleg, ek glo nie ek kan dit doen nie." God voel nie jammer vir jou nie; voel om jou bietjie rond te skop. Sien? Sien? Sekerlik. God voel nie jammer vir jou nie; Hy—Hy word kwaad vir jou. Jy kom dan net in die toestand tot waar Hy jou kan gebruik. Ja.

184 Moses wat genees is, God hom kon gebruik. Hy het die geneesmiddel gehad, hy was toe weg van menslike vermoëns. Hy het niks gehad waarop hy toe kon staat maak nie, want hy—hy was toe gereed vir die diens.

185 God het gesê: "Veertig jaar het ek jou en Sippóra hier gehad aan die stry en aangaan, hierbuite in die wildernis, of jy kon uitvind of daar menslike swakheid is of nie, waar jy daarbo gestaan het as 'n groot prins: 'Hallo, Doktor Moses. Goeie môre, Eerwaarde, Meneer. Ja, meneer. Moses, jy's die toekomstige prins. Al . . . Ons dink almal aan jou.' Nou's jy hierbuite in die woestyn met 'n klomp skape en 'n humeurige vrou." Sien? Dit het hom reggeruk. Ja, meneer. Moses in 'n verskriklike toestand, maar Hy het gesê: "Nou kan Ek jou gebruik, wanneer jy besef dat jy niks is nie. Nou kom hier op na hierdie brandende bos, Ek wil jou afstuur ondertoe." O, goeiste!

186 God, gee vir ons nog van daardie soort, gee ons nog swakkelinge. Dis wat ons nodig het, 'n paar swakkelinge. Sekerlik!

187 Dit was Jakob, julle weet. Jakob het eens gedink hy was 'n groot kêrel, julle weet, hy kon net kul en met enigiets wegkom. Gegaan en 'n paar populierstokke ingesit waar sy skoonpa se skape en beeste, wanneer hulle dragtig was, en hulle in bont skape verander, en uitgegooi soos daardie, wanneer hulle na die water toe gegaan het om te drink. En, die eerste waarvan jy weet, het Jakob 'n groot man geword. Sekerlik. Hy was 'n . . . "Hy was eintlik *Jakob* genoem, sonder twyfel," Esau het gesê: "hy was beslis 'n 'bedrieër.'" So hy was 'n verkuller. Hy het goed aangegaan, gevorder, het groot kuddes gehad en vroue en skape en beeste en osse, en—en alles, hy het alles gehad.

188 Maar een aand (o, goeiste!) toe hy eenkeer afgekom het by 'n stroompie, sou oorgaan, het hy by 'n plek gekom, waar 'n Engel hom beetgekry het. Broer, ou Jakob het heelnag vasgehou. Hy het beslis 'n lang tyd vasgehou. Maar toe hy homself oorgegee het, toe hy swak geword het en nie meer langer kon vashou nie . . .

189 O God, laat die kerk so word, kom by . . . die kerk 'n punt bereik, waar dit nie meer kan vashou met sy natuurlike vermoëns nie, maar moet oorgee aan God. Laat die Metodiste skaam word vir hulleself, dat hulle Metodiste is. Laat die Baptiste en laat die Pinkster skaam word vir hulleself, en ophou vashou, en oorgee aan die Gees.

190 Dit was toe dat Jakob "'n prins van God" geword het. Die Bybel het gesê hy het "'n prins" geword, en sy naam is verander. Sien? En—en, onthou, hy was 'n groot sterk man aan *hierdie* kant, intellektueel magtig; maar aan die *ander* kant was hy 'n kreupel prins, swak en uitgeput, maar het krag voor God gehad.

191 Ja, jy mag . . . Jou organisasie mag heeltemal stukkend gebreek wees. Jou aansien in die buurt, jy mag "'n outydse kraai" wees van dan af, in die buurt. Dit mag reg wees. Maar ek sê jou, jy sal krag met God hê. Ek wil liewer so wees. Ek sal enige tyd daardie kant kies.

192 Die dissipels het teruggekom en gejuig, omdat hulle gelukkig was dat hulle waardig geag is om die smaad van die Saak en van Jesus te dra. Sekerlik! Hulle sal jou "holy-roller" noem.

193 Gaan uit daardie plek uit eenmaal, laat dit opgebreek word. Laat los jou: "Wel, sê, ek's 'n Metodis," of "Presbiteriaan" of "ek's Gemeentes," "ek's Eenheid, ek's net so goed soos jy is." Goed. Kom net daaruit eenmaal, gee weg. Kry alle . . .

194 Laat die engel jou eenmaal beetkry, die engel van die Here, wat vir jou die Waarheid van die Boodskap sal bring. Laat hy jou eenmaal beetkry, jy sal net verneder na die doop in Jesus se Naam, jy sal verneder na die res Daarvan. Ja, jy sal, jy sal dit beslis doen. Ja, jy—jy sal net al hierdie intellektuele vergeet.

195 'n Paar dae gelede, het een van die dierbaarste vriende wat ek het, 'n goeie persoon, vir my gesê, met die uitgaan uit die kamer, nadat ek 'n onderhoud gevoer het, die kamer verlaat, gesê: "Broer Branham . . ." En hierdie persoon was een van my finansiële ondersteuners in die diens daarbuite. 'n Punt bereik waar ek nie geweet het hoe ek die ding gaan laat voortgaan nie, net God vertrou; hierdie persoon sou dit afskryf. Ja, net 'n goeie persoon! En hierdie persoon het 'n reis onderneem en van 'n groot stad af gekom, hier 'n paar aande gelede, en in die kamer gestaan en een aand vir my gesê, gesê: "Broer Branham," gesê: "ek wil net een ding sê." Gesê: "Daar is nie een persoon wat nie lief is vir jou, sover ek weet nie."

Ek het gesê: "Ek's so bly daaroor."

196 Gesê: "Broer Branham, daar's net een ding, een ding verkeerd."

Ek het gesê: "Wat's dit, suster?"

197 Gesê: "Wel, die een ding is dit, Broer Branham, dat as jy net sal toegee oor 'n bietjie van daardie Doktrine wat jy het," gesê: "sal elke organisasie jou ontvang."

198 Ek het net toe gesien, ek het gedink . . . Ek het gesê: "Watter Doktrine, suster?"

En gesê: "O, daardie doop in Jesus se Naam."

199 "O!" Ek het gesê: "Maar, suster, jy kan nie verwag dat ek moet toegee op die Woord van God en steeds 'n dienskneg van God wees nie."

200 En ek het gesê: "Wel, hier, daar's 'n klomp predikers, wat ek hier is om te verteenwoordig, van hierdie groot stad." Gesê: "As jy vir hulle sal vertel dat die Engel van die Here, wat vir jou hierdie visioene gee, vir jou gesê het om te doop in Jesus se Naam, dan is hulle bereid om Dit te aanvaar."

201 "Wel," het ek gesê: "hulle ondervinding is swakker as skottelgoedwater!" Ek het gesê: "Ek gee nie om wat enige engel sou sê nie, as dit nie volgens die Woord is nie, glo ek dit nie!" Ek het gesê: "As daardie engel vir my iets anders as Daardie gesê het,

sou ek nie die engel geglo het nie." Reg! God se Woord is eerste, bo alle engele en al die res! 'n Ware Engel . . . Ek het gesê: "As hy my nie Daardie vertel nie, sou ek nie na hom luister nie." Ja.

202 Die dame het nie geweet wat om te doen nie. Sy het gesê: "Ek het nog nooit van so-iets gehoor nie. Ek het nooit Daarvan geweet nie." Sien, daar het julle dit. So ek het vir die dametjie 'n bietjie Skrif gegee. En sy het gesê: "Ek gaan net reguit huis toe en die Nuwe Testament bestudeer. Ek het Dit nog nooit bestudeer nie." Sien, daar het julle dit. O, goeiste! O, goeiste! Dis waar jy kom. O, goeiste!

203 Hou op vashou. Laat los! Dis wat jy wil doen: laat los. Jakob, toe hy gelos het, was hy reg, hy het 'n prins geword en het krag met God gehad.

204 Hy was *klein* Dawid met sy Saul se kerkbaadjie aan, wat uitgegaan het om—om—om teen Goliat te veg. En toe Dawid daar begin het om teen Goliat te veg, met al hierdie groot wapenrusting aan, het hy rongekyk en het hy omgekyk, hy het soos die res van hulle gelyk, so hy het gesê: "Daar's iets verkeerd hier."

205 Solank jy soos die wêreld is en toegee vir die wêreld, en dieselfde ding doen wat die wêreld is, is daar iets verkeerd.

206 Dawid het gesê: "Dit lyk te versterk. Ek het 'n Doktorsgraad, ek het 'n Ph.D. Sien, ek behoort aan 'n groot organisasie, hoe kan ek ooit gaan veg met al hierdie goed? Ek weet niks daarvan nie. Ek weet niks daarvan nie!" Dawid het gesê: "Trek uit hierdie goed vir my." Dis reg. "As ek vir God gaan veg, wil ek nie lyk soos hierdie klomp lafaards wat hier staan, vol wapenrustings en spiese nie. Ek kan nie 'n diens hou . . . "

207 Baie dienste, baie manne, baie predikers wat na my toe kom en bely dat hulle glo dat Naam van Jesus Christus reg is, om in gedoop te word, maar sê: "Ons organisasie sal ons uitsit." Jou swak verskoning! Trek Saul se wapenrusting uit!

208 Gee my die krag en die sterkte van die Heilige Gees! God, stuur my met 'n slingervel, maak nie saak wat dit is (hoe klein) nie, die vyand te verslaan. Dis waar. Stuur my, maar moenie dat ek soos die res aantrek met L.L., Ph.D., Doktors, al daardie soort goed nie.

209 Dawid het gesê: "Die ding lyk nie reg nie." Hy het gesê: "Ek weet niks daarvan nie." Hy het gesê: "Die enigste ding waarvan ek weet, wat ek . . . Agter aan die agterkant van die woestyn, het ek my vader se skape opgepas." En gesê: "'n Leeu het ingekom en die lammetjie gegryp en daarmee weggehardloop, en ek het geweet daardie was my vader se lam, en, o, ek—ek—ek's . . . ek was nie toegerus nie, maar ek het net my slingervel gevat en agter hom aangegaan." Gesê: "Ek het hom doodgemaak en die lam teruggebring." O, goeiste! Hulle wat daar gestaan het, 'n spies in hulle hande, kon dit nie gedoen het nie.

210 Dis wat die probleem is vandag. God het baie skape wat verlore geraak het, die organisasies en dinge het hulle weggesteel, het hulle uitgebring in sielkunde in. God gee vir ons Dawids met die Woord van God en die krag van God, om dit te rig, wanneer ons uitgaan om hierdie intellektuele reuse tegemoet te gaan, (dink, met al die Ph., L.L.D.'s, Q.U.S.T.'s, of wat dit ook al mag wees). Gee vir my die Woord van God en die krag van die Heilige Gees en, ek sal julle sê, ons kan elke reus op die veld verslaan. Reg! Ons het manne nodig wat kan . . .

211 Wel, Dawid was die swakste verskoning wat daar op die veld was, om die reus te gaan beveg. Hy, wel, hy was niks meer as 'n seun nie. En die Bybel sê hy was "rooi," 'n ou rietskraal kêreltjie, waarskynlik krom-geskouer, stuk skaapvel om hom gedraai. Hy het geen van hierdie groot intellektuele grade gehad en goed opgelei nie. Hy het niks van 'n swaard geweet nie. Hy het niks geweet van hierdie opleiding wat Saul . . .

212 Saul was die beste wat hulle kon gehad het, Biskop Saul. Sekerlik, hy was kop en skouers bo die res van die leër. Wel, hy was—hy was die een wat behoort te gegaan het om hom te beveg, maar hy was bang.

213 En vandag weet ons ons het 'n herlewing nodig. Ons weet ons het 'n beroering onder die mense nodig. Dit sal nie 'n Doktor van Godsgeleerdheid neem nie. Dit sal 'n swakkeling neem (Halleluja) wat die Woord van God sal neem in die krag van die opstanding van Christus, en hierdie ding doodmaak. Dit sal Christus na die land toe bring in die . . . hulle laat sien dat Hy steeds die oë van die blindes kan oopmaak, die siekes genees, die dooies oprig, en Hy's God, Oorwinnaar! Amen. Ons het 'n Dawid nodig, ongeleerd in die teologiese skole, ons het 'n man nodig wat niks daarvan weet nie, een of ander ploegseun of iets, een of ander outjie met sy krom skouers, nie veel om na te kyk nie, wat afgestap sal kom in die pad, met die krag van God.

214 Moeder was sterwend, sy het gesê: "Billy, ek het jou vertrou en jou geglo. Jy was my geestelike krag, jy het my na God gelei."

215 Ek het gesê: "Mamma, toe ek 'n seun was . . . Ons agtergrond, natuurlik, Iers, sou soort van 'n bietjie geneig wees tot Katoliek." En ek het gesê: "Die kerk het gesê dat—dat 'Hulle—hulle 'n liggaam van mense was, hulle het dit alles gehad, alles wat hulle gedoen het was reg.' Ek kon dit nie glo nie, want die Lutherane het gesê: 'Ons is 'n liggaam van mense, ons het dit alles.' Die Baptiste het gesê: 'Ons is die liggaam, ons het dit alles.' Daar's te veel, daar's omtrent negehonderd verskillende organisasies." Ek het gesê: "Mamma, ek kon geen vertroue daarin plaas nie, watter een van hulle is reg?"

216 Uitgevind, ek sê dit nederig en liefdevol, maar ek glo nie een van hulle is reg nie. Dis reg. Ek gaan terug na die Woord van God, ek het gesien wat Dit destyds daar gedoen het. (En dan

God, laat ons almal teruggaan daarnatoe.) En met die swakheid, en geen ondersteuning van organisasie nie, geen ondersteuning van denominasies nie, geen ondersteuning van die kerk-opset nie, maar in eenvoud en die krag van die Heilige Gees, wat op Pinkster geval het, met dieselfde boodskap wat Petrus gehad het op die Pinksterdag: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sonde."

217 Jy sal nie ingespan wees soos 'n klomp van hierdie teoloë, met julle kraag omgedraai en 'n Baccalaureus Artium grade nie. Maar, broer, jy sal iets in jou hand hê, en solank as wat die Gees van God in daardie Woord sal ingaan, sal Dit oorwin en die verlore skape terugbring wat afgedwaal het. Amen! Bely ons swakhede! Skud af jou Doktrine van Godsgeleerdheid! Skud af jou beterweterigheid, jou lidmaatskap! Trek jouself uit voor God, geestelik gesproke, en ag jouself "onwaardig!" Dan kan God jou begin gebruik. Moet dit nie net sê met jou mond nie, bring dit uit jou hart uit.

218 Jakob . . . Dawid, hulle moes hulleself uittrek. Hy was die swakste onder die hele skare.

219 Dink daaraan, miskien, tienduisend of 'n honderdduisend soldate op die heuwel. Almal van hulle was opgelei, elkeen van hulle met 'n Ph.D., elkeen van hulle met spiese, hulle was soldate. Elkeen van hulle was Korporaal *So-en-so*, Manskap *So-en-so* (selfs tot Manskappe), Generaal *So-en-so*, Luitenant *So-en-so*. "Groot vier-stêr Generaal Saul, Biskop, ja, u Edele, Meneer!" Elkeen van hulle wat daar gestaan het, opgeleide manne.

220 En die vyand wat op die heuwel staan, gesê het: "Julle klomp lafaards." O!

221 En op uit die kamp kom 'n klein, krom-skouer, (O God!), klein rooierige kêreltjie, slingervelletjie oor sy skouer, met 'n rosyntjie-pastei in sy hand vir sy broer. En daardie reus het uitgekom en het eenkeer te veel die uitroep gemaak. Gesê: "Wil julle vir my sê julle klomp opgeleide geleerdes hier, sal daar staan en daardie onbesnede Filistyn die Woord van die lewende God laat uitdaag?" Amen! Gesê: "Is julle bang vir hom?"

222 Saul het gesê: "As jy wil gaan, kom hier. Ek sal—ek sal—ek sal jou skool toe stuur vir twintig jaar nou, en ek sal vir jou 'n —'n Ph. D. kry. Ek sê jou wat ek sal doen, ek sal net vir jou my graad gee."

223 Hy het gesê: "Neem die ding weg." O, goeiste! "Ek wil niks daarmee te doen hê nie." Hy wou op God vertrou. Hy het gesê: "Ek weet wat God vir my gedoen het hiermee, en ek is gereed om God te vertrou ten aanskoue van enigiets daarmee." Amen! Dis die ondervinding van die Christen.

224 Selfs Saul, toe hy moes ontslae raak van sy wapenrusting, het hy die kerk-wapenrusting uitgetrek, hy het gemaak soos Dawid het. Maar toe Saul aan die einde van die pad gekom het, het hy

gesê: "Ek het 'n goeie stryd gestry." Dit was die laaste vyand om te verslaan. "Ek het 'n goeie stryd gestry, ek het my wedloop voleindig, ek het die Geloof behou. Verder is vir my weggelê 'n kroon, wat die Here, die regverdige Regter, vir my in dié dag sal gee." Gesê: "Nie net vir my nie, maar vir almal van hulle wat Sy verskyning liefhet."

225 O, dood het gesê: "Maar ek sal jou binne 'n paar minute kry." En die graf het gesê: "Ek sal jou vervorm daarbuite."

226 Hy het gesê: "O dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning? Ek weet ek lê hier in hierdie Romeinse kerker, gebind met kettings, my gewrigte en hande, en ek—ek het nege-en-dertig houe oor my rug. Ek's hier met trane wat my oë brand, totdat ek nie meer kan sien nie. Ek kan nie met my natuurlike oog sien nie, maar ek kan 'n kroon van geregtigheid sien, wat oorkant lê. My enkels is moeg. Ek het soveel afgeval van die ou muwwe brood wat hulle hier ingegooi het, en die rotte het oor my gehardloop, en spinnekoppe en goed, totdat ek swak is." Maar hy kon in die aangesig van die dood staan en sê: "Waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning?" met kettings wat geskud het aan sy hande. Halleluja! (Dis wat ons nodig het.) "Graf, waar is jou oorwinning?"

Die graf het gesê: "Ek sal jou verrot, Paulus."

227 Hy het gesê: "Maar dank God, ek het alreeds die oorwinning deur ons Here Jesus Christus."

228 Toe hy swak was, sy—sy kerklike, sy . . . al sy rituele is opgelos uit hom. Al sy ordineringspapiere is weggeneem van hom. Hy het nie meer aan die Gemeentes behoort nie, of die . . . enige van hulle nie. Sien, hy het nie meer aan enige van hulle behoort nie. Hy het soveel teen hulle gepraat, totdat daardie biskoppe was . . . gesê het: "Wil jy vir my sê dat 'n man wat daarbo twintig jaar uitdien in 'n Romeinse tronk en vir ons kan sê om nie ons vroue te laat preek nie? Huh! Moenie vir ons dit sê nie," gesê: "ons weet beter. Wie is daardie kêrel daarbo, in elk geval, vir ons te sê om *dit, dat* of die *ander* te doen?" Gesê: "Ons weet wat ons doen."

229 "Ja," het Paulus gesê: "daar's manne wat reg onder julle opstaan, wat spoedig 'n organisasie sal begin, sal opstaan en wegtrek van die Geloof af soos Daardie, nie die Gees van God sal hê nie." Gesê: "Hulle het alreeds uitgegaan van ons af, omdat hulle nie van ons was nie."

230 En, wat, het dit gebeur? Reg in die Katolieke kerk ingekom; van die Katolieke na die Lutherse; en verder af na die laaste, Gemeentes van God, dieselfde ding, dieselfde ding gedoen.

Die heeltyd, dieselfde ding!

231 Maar, o, vir 'n man of vrou wat swak genoeg is, wat jou swakheid besef, wat God jou sal laat gebruik! Ek hou net aan praat, ek reken ek praat te lank.

232 Nou, wat was dit? Nou, hy was...Dawid was die ongeleerdste van die klomp. Hy het geen opleiding van veg gehad nie, hy het niks daarvan geweet nie. So hy het geen opleiding gehad vir niks van hierdie geveg wat voor hom was nie, maar hy het herken dat daar 'n God was. En hy het die swakste ding geneem; hulle het spiese, wapenrustings, boë, en al die res gehad, en Dawid het 'n slingervelletjie gehad, met 'n klip daarin. Maar, sien, hy het geweet waarop hy kon vertrou. Hy het sy swakheid bely, maar sy geloof in God.

233 Hy het gesê: "Ek wil geen skild oor my hê om niks mee af te weer nie. Ek wil nie daar opkom nie, sê: 'Nou, sal julle broers saamwerk met my? Ek behoort aan die Gemeentes, ek behoort aan die Presbeteriaanse, ek's 'n Metodis, ek's 'n Baptis, sal julle broers saamwerk met my?' Ek wil niks van daardie goed weet nie. 'Hier, ek sal julle wys in my sak, ek het my graad. Ek het pas my Baccalaureus Artium gekry. Ek's van die Universiteit van *So-en-so*, ek—ek is daarbo opgelei. Ek het so. O, ek kan preek! Ek's *dit, dat* of *ander*.'" Hy wou niks van daardie goed hê nie!

234 Al wat hy wou hê, hy het gesê: "Ek het my vertroue in God en hier gaan ek." Dis dit. En die reus het geval. Dis reg.

235 Dis wat ons nodig het vandag, broer. Ons het nodig, vandag, manne soos Dawid, nie universiteit ondervindings nie.

236 Dit was Migatjie, Migatjie, die seun van Jimla, arm, verworpe, uitgegooi uit al die denominasies as gevolg van sy egte stand vir God. Maar daar het 'n man van God afgekom eenkeer, met die naam van Jósafat, en daarbinne gesê: "Ek wil die ware Woord van God weet."

237 Saul het gesê: "Ek het vierhonderd van die beste wat jy ooit geken het." Gesê: "Hulle het almal hulle grade, hulle is almal opgelei hier in die skool." Gesê: "Wel, hulle is die beste predikers wat jy nog ooit gehoor het." Gesê: "Ek sal hulle reguit uitbring en ons sal die Here vir jou raadpleeg."

238 Maar toe het hy daar uitgekom en rondgekyk, Jósafat het gesê: "Ja, ek hoor daardie een sê *dit*, en ek hoor daardie een dit sê, maar" gesê: "het jy nog een? Het jy nie nog een nie?"

239 God sou 'n boodskap by hierdie egte hart uitbring. Daar het net een van hulle daar gestaan, maar God het 'n man vir daardie een. Amen. As daar net een egte hart is, het God iewers 'n man vir hom. Jósafat was 'n regte man, Godvresende koning, en hy het genoeg verstand gehad om te weet hulle boodskappe was verkeerd. Hy het geweet dit was teenstrydig met die Woord, amen (O, Broer Neville!), Jósafat het dit geweet.

240 Hy het gesê: "Wel, ek—ek het afgegaan met die hele rekord, die kaart hier in hierdie kweekskool, ek het elkeen van hulle hierbuite." Gesê: "Wel, kyk hier, hierdie een het...wel, kyk na die grade wat hy het. Kyk na hierdie een hier," gesê: "kyk—kyk na die grade wat hy het. Kyk na Sedékia hier, hy's die hoof van

dit alles. Wel, hy's 'n biskop, hy's oor ons almal. Sekerlik sal jy sý woord vat!"

Jósafat het gesê: "Ja," gesê: "Ek—ek—ek . . ."

241 "Wel, kyk, kyk, al die res van hulle stem saam met hom. Hulle is almal een groot eenheid! En jy kan nie sê hulle is nie Hebreërs nie. Jy kan nie sê hulle is nie profete nie, hier's die graad wat bewys hulle is."

242 Jósafat het gesê: "Ja, ek—ek—ek weet, Agab." Gesê: "Dit dis alles reg, maar . . ."

243 Gesê: "Wat is jy . . . Hoe gaan jy my vra vir nog meer? Daar's my hele skool! Hulle is elke organisasie bymekaar."

244 "Maar het jy nie een wat nie aan daardie groep behoort nie? Is daar nie een, iewers nie?"

245 "Wel, wat sou hy wees? Hy sou 'n ongeleerde ongeletterde wees! Wel, wat sou jy met so 'n kêrel soos daardie wil maak?"

246 "Maar—maar ek vra jou net, het jy nie een, iewers nie?"

247 "O," het hy gesê: "ja, daar is so een." (Daar, O, dank God daarvoor!) "Daar is so een, maar" gesê: "ek haat hom. En al die res van hulle haat hom, ook." Gesê: "Ons het geskop, en hulle het hom uit daardie organisasie geskop, elkeen van hulle." Gesê: "Hy het hiernatoe gekom om 'n diens te hou, ons het hom uit die dorp uitgejaag. Ja, meneer. Wil niks met hom te doen hê nie. Wel," gesê: "hy's 'n swakkeling, en hy kom uit 'n baie arm familie. Sy grammatika is vreeslik." (Uh-huh, soos Moody, julle weet.) "Ja, sy grammatika is vreeslik." En gesê: "Regtig, vir 'n teoloog, is hy die swakste wat ek al gehoor het. Ek het nog nooit enigiets soos hy gehoor nie. O, hy vernietig net eenvoudig hulle ritueel. Wel, hulle Apostoliese Geloofsbelydenis word stukkend geskeur deur hom. Ek het nog nooit van so-iets gehoor nie! O, hy skeur dit net uitmekaar, en hulle haat hom en ek haat hom, almal haat hom."

248 "O," het Jósafat gesê: "moenie dat die koning so sê nie, maar ek sal graag na hom wil luister." Hy het geweet wat Elisa sou sê! Hy het geweet wat.

249 God het al die groot, sterk, intellektuele predikers oorgesien, en Sy Boodskap in 'n kêreltjie gesit, wat aanspraak gemaak het om niks te weet nie. Maar wat het hy gedoen?

250 Hulle het vir hom 'n toets gegee, en gesê: "Nou, jy sê dieselfde ding wat hulle het."

Hy het gesê: "Ek sal sê wat God in my mond sit, dis al."

251 Hy het gesê: 'As jy nou wil sterk word, onthou jy's net . . . jy's—jy's soort van buite orde hier, seun. Onthou, jy's uit daardie organisasie geskop. Hulle mag jou lidmaatskap heroorweeg as jy net sal saamstem met hulle in hierdie tyd van krisis soos hierdie. Ons maak almal gereed om 'n groot veldtog te hou," gesê: "as jy net sal saamstem met my."

252 Gesê: "Ek sal niks sê behalwe wat God gesê het nie!" Toegee, kan jy van 'n man van God verwag om toe te gee op die Woord van God? Nee, meneer, lê nie in hulle nie.

253 Gesê: "Maar jy's 'n swakkeling. Jy's uit 'n arm familie. Wel, jy weet wat, jy mag . . . "

"Ek gee nie om wat hulle doen nie."

254 "Wel, hulle sal jou van land na land neem in 'n vliegtuig. Hulle sal enigiets doen, sien, as jy—as jy net . . . "

255 "Nee, nee. Ek sal net sê wat God in my mond sit." God het daardie hele klomp oorgesien, (ja, meneer, sy egte stand het dit gedoen) die vierhonderd oorgesien en vir hom SO SPREEK DIE HERE gegee!

256 Het hulle Dit toe geglo? Nee, meneer! Hulle het gesê: "Dis nie SO SPREEK DIE HERE nie, ons kweekskool leer nie sulke dinge soos daardie nie. Wel, hier's ons biskop, het klaar die woord gespreek, hy het die ritueel geskryf. Ons het almal bymekaar gekom, ons het ons skole gemaak. God is met ons! Waanatoe het God gegaan van ons af, toe Dit na jou toe gegaan het?"

Hy het gesê: "Jy sal sien, een of ander tyd." Uh-huh, dis reg.

257 Wat was hy? Hy was swak, maar hy was die sterkste een onder hulle. Hoekom? Omdat hy die Woord van die Here gehad het. O, broer, watter verskil maak dit oor die . . . enigiets anders solank jy SO SPREEK DIE HERE het?

258 "Sê, Broer Branham, as jy sal toegee oor die Naam van Jesus vir doop, wel, ons het 'n groot diens in Chicago of hierdie plekke soos hierdie." Huh! Dink jy jy doen dit? Ek gee nie om waar julle byeenkom, wat jy doen nie, broer, bly by SO SPREEK DIE HERE.

259 Ek wil hê party van hulle moet vir my kom vertel waar Dit verkeerd is. Vir my wys in die Woord van God waar Dit verkeerd is. Ja. Hulle sal dit nie aanpak nie. Nee, meneer. Maar Dis SO SPREEK DIE HERE! Bly Daarby, as elkeen van hulle jou skop. Ek gee nie om hoe swak jy word nie: "Dan word ek sterk." Wanneer hulle my uitskop, sal God my inneem. Uh-huh, ja. God . . . Hulle jou uitskop, sal God jou inneem.

260 Onthou, dis die uitgeworpenes wat God altyd optel, die niemands. Dan maak Hy hulle *iemands* vir Hom. Mag dit nie weet in die lewe nie, maar dit sal wees in die een wat sal kom; sien, dis die een.

261 En vir hom SO SPREEK DIE HERE gegee, waarom? Hy het by die Woord gebly. Hy het die regte Boodskap gehad. God het vir hom 'n visioen gegee. Die res van hulle het geen visioen gehad nie. Sien? Hy het 'n visioen gehad. Waarom? Omdat hy by die Woord gebly het. Dis waar ons tekens en wonders sien. Want . . . Die ander maak soos Dit, maar hy het by die Woord gebly. Nou laat ons opskud.

262 Elía, is toe sy kerk hom weggewys het en hom vir die moderne wêreld gelos het. Ek veronderstel Elía het hulle regtig oor die kole gehaal. Dink julle nie so nie? Julle weet wat Elía was. Ek veronderstel, in sy vroeë bediening, het hy daar opgestaan en gesê: "Wel, julle vroue wat soos die Eerste Dame probeer wees," daardie kappies op hulle, julle weet: "Mej. Isébel! Julle moderne vroue, te wees soos die Eerste Dame van die land, aangetrek soos sy, optree soos sy. Julle predikers!" O, goeiste, hoe hy hulle geroskam het! En hulle het altyd bly wegval totdat daar niemand was nie.

263 Hy moes aan die einde van sy pad kom. Niemand wou meer met hom saamwerk nie. Nie een van die kerke wou met hom saamwerk nie. Sy hele kerk het hom verlaat, teruggegaan in die wêreld (dieselfde as wat dit nou is), dis reg, het aangegaan terug in die wêreld in. Net baie min het aangehang, een hier en een daar, wat van ver oor die land kom waar jy moes gaan om hom te sien, ensovoorts. Hy was in 'n baie slegte toestand, hy het aan die einde van sy kennis gekom.

264 Hy het gesê: "Here, ek het op U Woord gestaan, ek het die Waarheid vertel. En almal van hulle het weggegaan, daar's niemand hier oor nie. Ek het nie eers enigiemand om voor te preek nie." Amen. "Ja, ek het gestaan op U Woord, Here, en kyk nou waar is ek nou, nie enige van hulle sal my ontvang nie. Ek gaan dorp toe, hulle sê: 'Hier kom daardie ou malle. Ja, ja, hier kom daardie ou malle dorp toe, nou sal hy begin aangaan—aangaan oor hierdie moderne lewenswyse en alles.'"

265 "Moet hom nie ontvang nie! Pastoor, moet jy nie met daardie kêrel saamwerk nie! Nee, meneer!"

266 Pastoor: "Nou daardie ou fanatikus is weer in die dorp. Sien, daardie Elía daarbuite, die ou kaalkop kêrel. Moet jy nie enige aandag gee aan daardie ou kêrel nie. Kyk na hom, hy trek nie eers aan soos 'n geestelike met sy priesterlike kleed aan soos myne nie (sy hoed, julle weet; en opstaan voor, en kraag rondom, julle weet)." Gesê: "Hy nie . . ." Gesê: "Hy—hy—hy—hy's 'n ander soort van . . . Hy—hy's 'n vreemde soort kêrel."

267 En ek veronderstel party van die groot kêrels het gesê: "Weet julle wat? Hy—hy's 'n neuroot. Uh-huh, ja, hy—hy's 'n neuroot, wat daarbuite in die wildernis bly, buite in die woude bly meeste van sy tyd, wat inkom met 'n stuk skaapvel om hom gedraai. O, goeiste! En dan daardie vroue veroordeel! Ek het nooit so-iets gesien nie. Moenie julle . . . moenie—moenie—moenie julle glad nie enigiets met hom te doen hê nie! Moenie saamwerk nie!"

268 Wel, die predikersvereniging het bymekaar gekom, julle weet, gesê: "Moenie—moenie julle enigiets te doen hê . . . Los hom uit, hy sal uiteindelik . . . hy sal aan die einde van sy verstand kom. Laat hom—laat hom sy eie brein uithuil. Dis al, los hom uit."

269 Maar ou Elía, wat reguit aan, getrou, met God wandel, (Goeiste, goeiste.) reg by die Woord gebly. Hulle sou 'n byeenkomsie daaronder hou, en hy sou oor die gehoor kyk, sê: "Al julle Isébels!"

270 "O, die einste vermetelheid! Ek sal nooit weer na daardie man gaan luister nie! Nee, meneer, ek sal dit nie uithou nie!"

271 Dit het hom nie gestop nie, hy het net daar gebly in elk geval. Toe hy sy kerk verloor het, toe hy verloor het sy . . . al die denominasies teen hom gedraai het, dit was toe (toe hy swak geword het) wat hy gesê het: "Ek's die enigste een wat oor is, en hulle wil my doodmaak." Gesê: "Hulle sal my skiet as hulle daarmee sou kon wegkom." Uh-huh. Sien? "Maar ek . . . Hulle soek my lewe. En ek's die enigste een oor, Here, wat kan ek doen?"

272 Dit was toe, toe hy swak geword het (tog getrou bly staan, sy swakheid bely en alles), dat God gesê het: "Kom op teen die berg, Ek gaan vir jou 'n nuwe boodskap gee. Ek gaan nou vir jou 'n nuwe boodskap stuur. Ek het jou alreeds gesê: 'Gaan veroordeel hierdie dinge,' nou gaan Ek jou terugstuur om te bewys dat Dit reg was." Gesê: "Jy het 'n goeie werk gedoen, Elía. Jy het hulle gesê van die Eerste Dame, en dit alles, en hoe hulle gemaak het. Jy het Agab veroordeel en al sy moderne goed en al die moderne kerke, en ons het daardie predikers vertel waar hulle behoort het. Jy was 'n voorbeeld. Jy het daar gestaan sonder enige hulp, enige organisasie, enigiets agter jou, maar jy het by My Woord gebly. Nou gaan Ek jou iets gee. Gaan af soontoe en sê vir daardie skynheilige: 'SO SPREEK DIE HERE! Daar sal nie eers dou uit die Hemel val, totdat ek daarvoor vra nie.'" Goeiste! Goeiste! Hom bo-op die top van die berg geneem om hom iets te wys!

273 O, ek kan hom daardie môre sien afgestap kom, met daardie Samaritaanse pad. Hy was nie veel om na te kyk nie, sekerlik, daardie kaal kop wat skyn in die son, grys hare en wangbaarde wat om sy gesig hang, stuk skaapvel. Die Bybel het gesê hy was "harig," hare oral oor hom, ek veronderstel hy was 'n gemors om na te kyk; daardie ou stokkie in sy hand, met daardie ou ogies wat reguit na die lug kyk, wat met die pad afstap. En jy . . . hy . . . ek reken hy het soos 'n sestienjarige opgetree, wanneer hy omtrent tagtig was. Hier het hy gekom, met die pad afgestap, net reguit na Samaria. Broer, hy was toe alreeds sterk gemaak in sy swakheid: "My krag is genoeg. Moenie bekommerd wees oor die organisasies nie, Elía. Moenie oor hulle bekommerd wees nie, My krag is al wat jy nodig het."

274 Ek onthou om by 'n groot tempel te staan eenkeer, en ek het gesê: "Here, ek sal haat dat hulle na my—my kantoor toe moet kom."

Hy het gesê: "Ek is jou Deel. Sien? Ek is jou Deel."

275 "In—in swakheid dan ek—ek's. . .My krag is sterk. My volmaakte wil kan geskied (Paulus, of Elía, wie jy ook al is) wanneer jy uit die pad kom." Sien? "In jou swakheid, dan word Ek sterk gemaak. Ek's die Een! Ek's die Sterk Een wat inkom en volmaak."

276 Ek kan hom sien afstap reg af in daardie Samaritaanse pad, daardie ou ogies soos *daardie*, man, soort van 'n glimlag op sy gesig. Broer, hy het reg opgestap in die teenwoordigheid van Agab. Hy het nooit gestamel nie, hy het nooit gehakkel nie. Nee, nee! Onder daardie ou maer borskassie, het 'n hart geklop met die Heilige Gees wat daarin gewoon het. Ja, beslis! Afgestap gekom in die pad, reg voor Agab opgeloop, en gesê: "Nie eens dou sal val voor ek daarvoor vra nie."

277 Sy voet gestamp en, omgedraai, terug na die wildernis het hy gegaan, Gesê: "Dit was wel gedaan, Elía. Kom hier op, ek het al die kraaie opdrag gegee om jou nou te voed, en die . . .en gaan sit 'n rukkie hierbo." O, goeiste!

278 Toe hy swak was, toe het hy sterk geword. Ja, meneer. Hy het die hemele geskud dat dit nie sou reën nie. Dis toe hy sterk geword het, toe hy sy kerk verloor het, alles verloor het wat hy gehad het, alles anders. Maar hy het by God se Woord gebly, toe het hy mag gehad om die hemele te sluit.

279 Toe Jakob al sy krag verloor het, toe het God hom krag gegee om 'n prins te word. Sien?

280 Toe Paulus sy geleerdheid verloor het en al sy teologie, het God hom 'n sendeling na die Heidene gemaak.

281 Toe Moses al sy vermoë verloor het en swak geword het, het God hom magtig gemaak en hom na Egite gestuur in die krag van die Gees, op tagtig jaar oud; wangbaarde wat afhang, sy vrou op 'n muil en 'n kleintjie wat op haar heup sit, en 'n stok in sy hand, afgegaan en Egipte oorwin. Ja. Sien? Nie met 'n leër agter hom, soos hy wou gaan nie, maar in die krag van die Gees. Amen!

Wanneer jy swak is, dan is jy sterk.

282 Net afgeloop in daardie pad, hy het nie gehakkel nie, hy het nie gestruikel nie, hy het niks gedoen nie, reguit opgeloop in Agab se teenwoordigheid, en gesê: "Ek het die Woord van die Here."

Hy het gesê: "Jy's die een wat Israel beproef."

283 Hy het gesê: "Jy's die een wat Israel beproef." Ja, meneer. O, broer! Ja, meneer. "Bring uit daardie intellektuele priesters wat jy hierbo het, en laat ons sien wie is God." Daar het julle dit. "Klim bo-op die Berg Karmel, laat die God wat by Pinkster geantwoord het, weer terug antwoord. Laat ons sien of God steeds dieselfde God is, of Jesus dieselfde gister, vandag, en vir altyd is." Hy van die berg afgekom het, het hy 'n Boodskap gehad. Ja. Hy het baie moeg geword voor die tyd, egter, hy het alles

verloor voor hy dit gedoen het. Hy moes swak word, voordat hy kon sterk word.

284 Dis die eenvoudigheid van die Evangelie, wat mense laat steier. Hulle probeer Dit 'n groot intelletuele iets dergliks maak, wanneer dit die eenvoudigheid is. Maar God neem die einste werktuig van nederigheid en swakheid en eenvoud, om Sy werke mee te doen. Dis net 'n werktuig in God se hande.

285 Johannes die Doper, sy Boodskap, die voorloper van Christus, so eenvoudig, Dit het bo-oor die koppe van die mense gegaan. Luister net 'n oomblik. (Ek hoop nie ek hou julle te lank nie, julle wat teen die mure staan, sien.) Kyk! Johannes, toe . . . Al die profete het getuig van die koms van die Messias. Een van hulle het gesê dat: "Die berge so spring soos rammetjies." Ander het gesê: "Die blare sou hulle hande klap." Een het gesê: "Al die lae plekke sou opgelig word, en die hoë plekke, gelyk gemaak word." O, goeiste! Wat 'n dag!

286 Het julle gedink aan die Skool van die Profete en die intellektuele begrip daarvan? O, goeiste, hulle het alles so klassiek gehad! Maar toe dit gebeur het, het 'n ou prediker uit die wildernis uitgestap, wat nooit een dag se geleerdheid in sy lewe gehad het nie, sy grammatika was waarskynlik so swak. Sy vader was 'n priester, maar God het hom weggeneem daarvan. (Ons het dit in verlede Sondag se les gehad.) Sou hom nie laat deurmekaar raak met daardie denominasies nie, en hom uitgeneem in die wildernis om hom Self op te lei. Dis die soort—dis die soort wat sal bly by die Woord van God.

287 Uit die wildernis uitgekom, omtrent dertig jaar oud; ek veronderstel 'n swart baard wat buite om sy gesig hang, wollerig; groot ou stuk skaapvel om hom gedraai; gestaan in die modder, tot by sy knieë; gesê: "Ek's die een van wie die profeet Jesaja gepraat het." En sommige van die denominasies het uitgekom; hy het gesê: "Moenie dink om by julleself te sê: 'Ons het *dit* en *dat* nie,' God is in staat om uit hierdie klippe kinders vir Abraham op te rig!" O, goeiste! Hoekom? Hy het SO SPREEK DIE HERE gehad! Hy het die Boodskap gehad. God het voorspel hy sou kom. En die rede . . . Hy het in sulke eenvoud gekom, Dit het bo-oor hulle koppe gegaan.

288 Toe Jesus gekom het, het Hy gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien, 'n intellektuele spreker wat verander kan word van die Metodis na 'n Baptis, en van 'n Baptis na 'n Presbiteriaan, en van 'n Presbiteriaan na 'n Pinkster, en 'n Pinkster na iets anders? Het julle uitgegaan om 'n riet te sien wat deur enige wind beweeg kan word? Nie Johannes nie!" Gesê: "Het julle dan uitgegaan om 'n man te sien wat sagte klere aanhet?" Hy het gesê: "Hulle is in konings se paleise, daardie soort prediker." Hy het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien, 'n profeet?" Hy het gesê: "Meer as 'n profeet!"

289 Johannes was meer as 'n profeet. En, kyk, hy het die nederigste van hulle almal gekom. Maar hy was meer as 'n profeet. Weet julle wat Johannes was? Hy was 'n boodskapper van die verbond. Sekerlik, was hy. Hy was bo 'n profeet. 'n *Profeet* is 'n siener wie dinge sien. Johannes het, ook, maar hy was bo dit. Hy was 'n boodskapper van die verbond. Hy het gesê: "Ja, dit is hy van wie gesê is 'Ek sal My boodskapper voor U aangesig uitstuur.'" Dis wie dit was, hy was 'n boodskapper van die verbond. Sekerlik. Op die nederige manier waarop hy gekom het, het dit net die intellektuele verblind.

290 Nou ons moet binnekort afsluit, nog 'n paar minute, het 'n paar dinge hier wat ek wil sê, 'n paar Skrifte en 'n paar nota.

291 Wat van die weduwee met 'n handvol meel? Sy het by haar swakheid gekom, sy het waarskynlik haarself laat verhonger. Sy het geen meel gehad nie. Sy kon nêrens anders heen gaan en meel leen nie, niemand anders het enige gehad nie. Maar sy het 'n punt bereik, 'n groot gelowige, haar man was 'n groot man van God. En sy was 'n weduwee, met 'n kind. En sy het net 'n handvol meel gehad, maar dit was genoeg, dis al wat sy nodig gehad het; oorgegee in die hande van God, het sy daarvan gelewe vir drie jaar en ses maande, op 'n handvol meel. Sy het swak geword.

292 Sy het daardie môre uitgegaan op twee houtjies op te tel en hulle te breek en hulle bymekaar te sit. Sien, die twee houtjies is die Kruis. Sien? Breek. . . Sy het gesê: "Ek gaan twee houtjies kry." Sy het nooit gesê: "Ek gaan 'n armvol kry nie," nou, net twee houtjies. Dis reg. Sien die simbool?

293 En, ja, ou antieke manier. . . Die manier om 'n vuur aan te steek nou, is om stompe te vat en hulle te kruis, hulle reg in die middel te brand. Wanneer ek gaan kamp, ek. . . in die berge in die nag, voorkom om te vries. Ek lê 'n stomp *só* neer en 'n stomp *só*, en hou net aan die punte inskuif in die nag, en dit brand dit heeltemal uit soos jy naderkom, sien, regdeur die kruis.

294 "Ek gaan twee houtjies kry. Ek gaan brood maak, die maaltyd voorberei, die handjievol meel, en 'n broodkoekie maak vir my en my seun. Ons sal dit eet en sterf." Sy was regtig in swakheid, was sy nie? Sy het gesê. . . En sy het omgedraai en begin terugstap. O, daardie warm oggend! O, dit was so lank toe sonder enigiets. Alles. . . Geen water, en mense wat skree, mense wat sterf, oral; nêrens om te leen nie, niks om te doen nie. Sy was aan die einde van die pad. Sy was in haar swakheid. Sy het gesê: "Ek gaan dit voorberei vir my en my seun, en dan sal ons eet en sterf." So sy het omgedraai en sy het gesê. . .

295 "Wag 'n bietjie!" Sy het omgekyk. En daardie ou wollerige gesig wat oor die hek gesteek het daaronder, gesê het: "Gaan maak eers vir my 'n broodkoekie, en bring dit vir my." O! "Bring vir my 'n bietjie water in jou hand, en 'n stukkie brood, want, SO SPREEK DIE HERE!" O, goeiste, daardie een het dit gedoen.

O, goeiste! Daardie bietjie wat sy gehad het, sien, sy het dit vir God gegee. Dit was genoeg om haar die res van die tyd te voed. Ja. Sien, toe sy swak was, toe was sy sterk.

296 Een het net 'n kan gehad met 'n bietjie olie daarin. En sy het niks gehad nie, haar twee seuns sou as slawe verkoop word. Sy het niks anders gehad wat sy kon doen met hierdie kannetjie olie nie. Was nie te veel nie, sy was aan die einde.

Elía het vir haar gesê, gesê: "Wat het jy in jou huis?"

Gesê: "Net 'n bietjie olie in 'n kan."

Gesê: "Gaan na jou bure, leen baie van hulle."

297 Daar, kyk, maak gereed, voor dit selfs gebeur. Maak gereed! Dawid het daardie geruis gehoor in die balsembosse. Elisa het 'n wolk net so groot soos 'n hand gesien, gesê: "Ek hoor die gedruis van oorvloedige reën." As God net 'n paar leë kanne kan kry! Dis reg.

Hy het gesê: "Maak die huis vol van hulle." Amen.

298 Sien wat God wil hê? God moet leë kanne hê. Luister! Ons het soveel doktrine gehad, soveel kerk-onsin, totdat ons by boomskraap is. Daar is net een ding oor, draai na God en Sy Woord. En as julle dit doen, kry 'n paar leë kanne. Haal al die Metodis uit hulle uit, al die Pinkster uit hulle uit, en al die Baptis uit hulle uit, en laat hulle net kanne wees, en sit hulle in die huis. En neem dan van hierdie Kan en begin uitgooi, amen, begin net uitgooi.

299 Sy het genoeg gehad om te sorg vir haar en haar kinders, en alles anders, en al die skuld af te betaal. Waarom? Waarom? Net die bietjie wat sy gehad het, oorgegee aan God, en die woord van hierdie profeet te volg, het sy reg uitgekom.

300 God, stuur vir ons 'n profeet, wat die Woord van God sal neem, wat nie iets anders *sal neem nie*, maar net leë kanne sal kry. As God net leë kanne kan kry, en dan die Woord van God kan neem en Dit in daardie persoon ingooi.

301 Nie sommige sê: "O, ek het geskud, toe ek Dit ontvang het. Ek het in tale gepraat, toe ek Dit ontvang het. Ek het in die Gees gedans." Vergeet dit, sien, vergeet dit!

302 Bly net daar totdat Dit kom, dis al, totdat die kan vol is. Dis reg. Dis hoe jy maak. Ja, meneer, die eenvoud Daarvan! "Die kanne is gevul," hoe ons daarop kan bly!

303 Dit was die dissipels, baie ontsteld eendag, Jesus het vir hulle gesê, gesê: "Daar's vyfduisend mense hier," en gesê: "hulle word flou, hulle verhonger." O, ek kan nog 'n uur daarop bly. "Vyfduisend, verhonger," daar's 'n honderdbiljoen wat verhonger!

Gesê: "Stuur hulle weg."

Gesê: "Dis nie nodig om dit te doen nie." Gesê: "Voed julle hulle."

304 O, goeiste! Ek kan my voorstel hoe hulle alles bymekaar skraap, wat hulle kon vind, en julle weet wat hulle als gekry het (alles) bymekaar geskraap. . . Verskoon die uitdrukking: "bymekaar skraap." Maar hulle het alles gekry, hulle het gesê: "Nou, hier, het ons deur die hele kamp gegaan. Ons het nie 'n pennie geld nie, so ons kan nie die veldtog hou nie." Julle sien? "So ons het alles hier, maar die enigste ding wat ons kan kry, is net vyf broodjies en twee vissies van 'n kleintjie" soos Dawid, wat uit die wildernis oorkant gekom het. "Dis al wat ons het. Dis al wat ons kan kry. Ons is raad-op. Ons kan niks anders doen nie, Johannes." Petrus het gesê: "Dis al wat ons kan doen. Dis al wat ons kan doen. Ons is raad-op. Dis al wat ons het, wat kos betref."

305 Wel, ek kan net een klein Skriffie neem, Handelinge 2:38, en dis al wat ons nodig het, gehoorsaam Dit net. Jy hoef nie kweekskole te leer nie, alles van *dit*, *dat*, die *ander* nie, neem net Daardie. Ja, neem net—net Daardie, dis al wat jy nodig het: "Bekeer, almal van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, vir die vergewing van julle sondes, en julle sal gevul word met die Olie." Sien? Maak net leeg, maak gereed vir daardie Een, dis al wat julle nodig het. Plaas net 'n druppel daarin, kyk hoe dit opvul.

306 Julle weet, was kwalik genoeg in daardie kan om 'n druppel in elkeen te plaas. Miskien sy vinger geneem, soos *hierdie*, dit net afgedrup in elkeen soos daardie; teruggekyk en dit was vol. Dit net afgedrup, sien, dis al wat hy nodig het, want dit was geseënde olie.

307 Moenie een of ander kweekskool-ondervinding neem nie. Neem die Woord van God en drup Dit daarin, sien hoe dit sal vul.

308 Hy het gesê: "Wel, watter soort druppel moet ons maak? Miskien kan ons iets uit die Psalms neem."

309 Neem julle wat ek julle gesê het: "Bekeer, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van julle sondes, en julle sal gevul word van daardie Druppel." Drup dit net daarin, en julle sal gevul word van daardie Druppel. Dis die Druppel wat Petrus gebruik het op die Pinksterdag. Dis die Druppel wat Paulus gebruik het. Dis die Druppel wat al die dissipels gebruik het. Die res daarvan sal bygevoeg word, neem julle net daardie Druppel en volg dit na, en die res daarvan sal alles reg wees.

310 Word swak! Raak leeg! Raak heeltemal leeg, en van dan af, sal dit bly drup, en God sal die res van die drupwerk doen. Doen jy net dit. Val jy op jou knieë en ontvang dit met julle hele hart. Val in jou hart net nou en sê: "God, ek glo Dit, met my hele hart!" God sal sorg vir die res van die druppels, dit sal opgelig word: "Jy sal hervul word met die Heilige Gees."

311 Nou hulle het vyf broodjies gehad en twee visse. So wat sou hulle doen? So hulle het gekom en gesê: "Dis al wat ons kon bymekaar skraap. Ons is raad-op. Ons kan nie nog 'n stukkie brood kry nêrens nie, daar's niemand nie. En hierdie seuntjie, seker voorgestel . . . stokkies gedraai, skool toe gegaan vanmôre, en skool misgeloop en gaan visvang hieronder. En ons het hom gekry, daar by die stroom, hy het kom luister. En, daar, hy het vyf." Dank God vir daardie seuntjie! Ja, meneer. Gesê: "Ons . . . enigste ding wat ons het, wat lewe betref, is hierdie druppeltjie hier." Gesê . . .

312 Jesus het gesê: "Dis genoeg. Bring hulle hier." Sien? "Bring dit hier, gee dit vir My. Gee vir My daardie druppeltjie, ek sal vir die res daarvan sorg. Nou, hou julle net aan ingooi, soos ek julle van hierdie druppel af gee."

313 En neem elkeen van julle die druppel van Handelinge 2:38 vanmôre, in julle hart, en neem net van daar af en hou dop hoe Hy die Brood van die Lewe breek vir julle. Bekeer jy jou, word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van jou sondes, en kyk dan of die Heilige Gees nie indrup nie, aanhou drup *hierop* en drup *daarop*, *hier* drup en *daar* drup, en *daar* drup, en daar sal 'n vulling van die Heilige Gees wees! Reg!

314 Jy hoef nie na kweekskole toe te gaan nie. Jy hoef nie slim te wees nie. Enigste ding wat jy moet doen, is om te erken jy weet niks. Laat God 'n houvas op jou kry, Hy sal vir die res sorg.

315 Goed, toe het die stem gesê: "Bring hulle hier." Dis wat God wil hê vanmôre, om vir Hom 'n klomp leë kanne te bring. Hy sal vir die res daarvan sorg. Ja, meneer.

316 Blinde Bartiméüs wat by die hek sit, gehawend, koud, o, sy swakste oomblik, toe hy 'n Stem hoor, gesê het: "Bring hom hier." Dis reg, dit is partymaal jou swakste tyd.

317 Daar was Maria by die graf, met gebroke hart, haar baba, haar seun is doodgemaak, alles, alle hoop was weg. En sy het gegaan om Hom te salf, en selfs Sy liggaam was nie daar nie. En hy het 'n Stem hoor sê: "Waarom ween jy, vrou?"

318 Sy het gesê: "Hulle het my Here weggeneem. En ek . . . " Arme dingetjie, was haar Kind wat verneder is; Hom poedelnakend uitgetrek het en Hom daarbo op 'n Kruis gehang het, en Hom gekruisig het en Hom daarbo vasgespyker het, nadat Hy aanspraak gemaak het om die Messias te wees, nadat sy geweet het die Heilige Gees het haar oorskadu en hierdie Kind gebring het. Dit was die Kind van God. Sy het Sy werke gesien, en alles, en gesien reg op die swakste oomblik . . .

319 En daar het Jesus gestaan teen die bose, gestaan teen daardie organisasies, gestaan teen daardie Fariseërs; en swak geword en Homself onderwerp aan die dood, en gesterf soos 'n sondaar op die Kruis, ons sondes te dra. Die einste Psalms, die einste profete waarin hulle geglo het, het die einste Woorde aangehaal

(honderde jare te vore) wat Hy gesê het by Gólgota, en hulle het dit nie gesien nie. Hulle groot kerk- . . .

320 "My God," het Dawid gesê: "my God, waarom het U my verlaat?" Psalm 22: "Al my bene, hulle staar na my, nie een van hulle is gebreek nie. Hulle skud hulle kop en sê: 'Hy het op ander vertrou . . . Hy—Hy het ander gered, Homself kan hy nie red nie.'" En al die dinge wat die profete gesê het, was net daar! En Jesus, sterwend, wat vasgehou het aan daardie Woord, het Homself onderwerp. God, Emmánuel, het so swak geword, dat Hy Homself onderwerp het aan die dood, en aan die graf, en Sy siel aan die hel. Swakheid! Maar uit daardie totale oorgawe . . . het voortgekom, op daardie Paasoggend, Sy pad gekronkel uit die laagste.

321 Hy was die Hoogste, en het die laagste geword. Hy het na die laagste mense toe gekom, na die laagste stad toe gegaan. En die kleinste mannetjie in die stad, moes afkyk na Hom. Van daar af na die dood gegaan, en vanaf die dood na die graf, en vanaf die graf na die hel; na die laagste wat wat gekry kon word, na die laagste hel waaraan gedink kon word, Hy het soontoe gegaan.

322 Maar toe, van daar af, het God Hom begin oprig. Deur die Paradys, van daar af na die—na die graf, en vanaf die graf na Heerlikheid, en so hoog dat Hy moet afkyk om die Hemel te sien. Sy trone verhoog in die Hemel!

323 Daardie moedertjie met gebroke hart, nie bewus hiervan nie, wat daar gestaan het: "Hulle het my Heer weggeneem, en ek weet nie waarheen nie." Sy was . . . die swakste uur wat sy ooit beleef het. Haar—haar Heer was weg. Hulle het Hom gekruisig, tog het Hy hierdie . . . Hom kruisig in die skande om Hom nakend daarbo te laat hang voor daardie mense; en Hom gesteek in Sy sy, en aan die bloei, en Hom hoor uitroep aan die Kruis, en die aarde sien skud, en die ganse hemele sien erken dat Hy dood was. Hom afgehaal, styf en koud, en Hom in die graf gelê. Sy het gedink: "Die laaste eer wat ek aan my Lieflingskind kan betoon, is kom en Hom balsem, en nou het hulle Hom weggeneem." En sy het daar gestaan en ween, daardie moedertjie wat daar gestaan en ween, snik het. O, die swakste oomblik!

"Waarom ween jy, vrou?" was die Stem agter haar.

324 Sy het gedink dit was die opsigter by die begraafplaas, gesê: "O, hulle het weggeneem . . . " Sy kon nie eers omdraai nie, sy was so swak. Sy het gesê: "En was nou hierdie hele drie dae en nagte wakker. Ek het die kruisiging staan en dophou, ek het gesien hoe my eie Liefling, wat ek weet die Seun van God is. Ek weet Hy was! En tog hulle . . . " (Anderpad gekyk, en Hy agter.) "En hulle het Hom weggeneem en hulle het Hom gekruisig. Ek het Hom die dooies uit die graf sien oprig. Ek het Hom wonderwerk na wonderwerk sien doen. En ek weet die Heilige Gees . . . God ken my hart, ek was onskuldig aan enigiets, en die Heilige Gees het

my daardie Baba gegee sonder om 'n man te ken. Hoedat ek weet dat dit waar is! En ek het gesien hoe Hy onteer word . . . Sy klere van Hom afgeskeur het, Hom daarbo gehang en Hom gegésel het. Hy het die verskriklikste dood gesterf. Ek het Hom lief, ek gee nie om wat gedoen is aan Hom nie. Ek wil Hom nog steeds begrawe, ek wil—ek wil Hom die regte soort begrafnis gee, en hulle het Hom weggeneem. Ek was dae na dae, en my hart is gebroke. Ek staan net in hierdie toestand. Ek weet nie wat hulle gedoen het met my Heer nie."

325 Hy het gesê: "Maria." En toe was sy sterk. Amen! "Gaan vertel vir My dissipels, Ek sal hulle in Galiléa ontmoet." O, goeiste!

326 In die swakheid, dan word ons versterk. Wanneer jy swak is, dis wanneer jy sterk word.

327 Petrus, nadat hy daarbuite aan die visvang was, hy was . . . sy beroep was visvang. Ek hou soort van van sy beroep. En so hy was daarbuite aan die visvang, baie moedeloos, geweet hy het Christus verloën. O, goeiste! Daardie profeet daar hoor staan en vir hom sê: "Petrus, sê jy jy het My lief?"

328 Hy het gesê: "O Here, U weet ek het U lief." Hy het gesê: "Ek het jou lief. Ek's gereed om te sterf vir U."

329 Hy het gesê: "Petrus, jy dink jy bedoel dit, maar jy sal My drie keer verloën voor . . . Jy sal My verloën voor die haan die derde keer kraai. Sien, jy sal My drie keer verloën voor die haan kraai."

330 En dit toe sien gebeur, toe hy daar gestaan het en gesê het: "Ek ken Hom nie. Nee, ek weet niks van hulle Pinksters daar nie."

331 Dis nie tyd om op te hou preek nie, dis net my horlosie wat afgaan. [Die alarm op Broer Branham se horlosie het afgegaan—Red.] Sien? Gesê dat . . . Ek—ek—ek weet ek—ek's veronderstel om nou te stop, maar ek—ek kan nie nou op hierdie tydstip stop nie, sien, so ek moet dit hierbo klaarmaak net 'n oomblik.

332 Gesê: "Ek—ek—ek—ek weet ek het Hom verloën. Ek het Hom in Pilatus se teenwoordigheid verloën. Ek het Hom verloën in die teenwoordigheid, toe daardie vroutjie na my toe gekom het, gesê het: 'Is jy nie een van hulle nie?' 'Nee!' En selfs gevloek!" O, hy was in 'n vreeslike toestand. Gesê: "Ek—ek—ek . . . " Sy het verloën . . . Hy het Hom verloën. En Hy het Jesus sien staan en soontoe kyk, toe is wanneer die haan gekraai het, oorkant na Petrus gekyk het. Hy het uitgegaan. O, hy was moedeloos met homself, gesê: "Waarom lewe ek nog langer?"

333 En toe, behalwe dit, het hy gesê: "Ek dink ek sal teruggaan en weer gaan visvang. Ek kan nie meer preek nie, so ek sal net teruggaan en begin visvang," Hy het sy nette ingegooi en heelnag lank gegooi, geen vis gehad nie. En hy was by 'n swak plek, hy

het niks gehad nie, moedeloos met homself, die einde van sy vermoëns bereik.

334 Wel, hy het gedink hy was 'n groot man, die hoëpriester se seun se ore afgekap soos daardie. Wel, hy het gedink hy was 'n groot kêrel, julle weet, hy het iets geleer. Maar hy het niks geweet nie! Hy moes alles daarvan vergeet.

335 En daar was hy daarbuite, gesê: "Wel, ek weet een ding, ek's 'n visserman. Ek kan nog steeds 'n lewe maak, met visvang." Hy het heelnag gegooi en niks gekry nie. O, wat 'n teleurstelling! Elke keer wat hy dit opgetrek het, 'n leë net. En hy was so teleurgesteld! Hy was by die swakste punt, gesê: "Ek mag net so wel voel om van hierdie boot af te spring. Ek is nikswerd, in elk geval."

Hy het gesê: "Het julle enige vis, kinders?"

336 Uitgekyk op die oewer, en daar het 'n man gestaan. Hy het gesê: "Nee, ons het heelnag geswoeg en niks gevang nie. Ek het gedink ek is 'n visserman."

"Is dit jy, Simon?"

337 "Ja. Wel, ek het heelnag geswoeg en niks gevang nie. O, ek—ek . . . Ons het geen vis hierbuite nie."

Hy het gesê: "Wel, gooi jou net aan die ander kant."

338 "Ons het . . . Wat?" Toe het hy be- . . . Gesê: "Aan die ander kant? Ons het dit gedoen!"

"Gooi aan die ander kant."

339 Hy het sy nette uitgegooi, en hy het getrek. Hy het gesê . . . Toe het hy sterk geword. O, goeiste! Hy het sy ou visjas gegryp en dit om hom gesit, gesê: "Broers, dis Wie Dit is!" En hy het die res van hulle geklop na die oewer voor hulle kon, daardie bote aan die roei, net so vinnig as wat hulle kon. Hy het voor hulle uitgeswem, met 'n visjas aan, die oewer bereik. Waarom? Toe hy sterk was. Toe hy sterk was, kon hy niks doen nie, maar toe hy swak geword het, toe het hy sterk geword. Ja, meneer.

340 O, God se strategie is om leë menslike kanne te neem en die wêreld met hulle te skud. (Nou, net 'n klein rukkie en ons sal gaan.) Soos by Pinkster, by Pinkster, wat het Hy gedoen? Dit het hulle tien dae geneem, om heeltemal leeg te raak. Maar hulle het almal daar gestaan met hulle kanne na bo gerig, en God het Homself geneem en hulle gevul. Dis al! Hulle het die wêreld geskud; Homself in hulle uitgestort.

341 Dis die behoefte van vandag. Dis wat ons vandag nodig het, is die leë kanne, ja, meneer, sodat God hulle kan vul. En jy kan hulle nie neem . . . Ek moet baie hier oorslaan. God kan hulle nie gebruik, as hulle alreeds gevul is nie. As jy vol teologiese opleiding is, kan God jou nie gebruik nie. God moet leë kanne hê, sodat *Hy* hulle kan vul.

342 Nou, Elía het nie gesê: "Gaan haal 'n paar kanne en leen 'n klomp olie, en ons sal kyk of ons nie 'n goeie uitverkopingsprys daarop kan kry, en jy 'n bietjie meer kry nie, en jy kan die buurman so terugbetaal." Hy het gesê: "Kry net die *leë* kanne. Dis al wat jy nodig het."

343 Dis wat dit by Pinkster was, hulle het leë kanne gehad, so God kon hulle volmaak. Broer, hierdie dag vereis dit. Hierdie dag; moet dit hê. Ons sal dit kry of vergaan. Ek gaan nou afsluit, luister. Ons moet dit kry of vergaan. Ja, meneer.

344 Die groot geestelike masjiene wat ons het, die groot kerkmasjiene het aangepak met koolstof, dit het 'n geestelike klop in hulle. (Broer Collins is hier iewers, en Broer Hickerson.) Ek dink die krukas is gedaan. Iets het verkeerd gegaan. Hulle het die verkeerde soort brandstof gebruik, sy is heeltemal aangepak met koolstof. Hulle het kweekskool-ondervinding gebruik, in plaas van die Heilige Gees.

345 Ons groot herlewings van die land, ons groot manne, ons genesingsveldtogte, het almal misluk. Ons weet dit het. Kyk na ons edele evangelis, Billy Graham, die volk heen-en-weer deurkruis, heen-en-weer, heen-en-weer. Wat het dit gehelp? Oral Roberts, genesingsveldtogte oral, en dit word die heeltyd boser.

346 Want dis alles Baptis, Presbiteriaans, Gemeentes van God, al hierdie ander verskillende organisasies, kry hulle almal bymekaar, wat is dit? 'n Yslike groot geestelike masjien, en God het dit vol koolstof gemaak vir julle. Nou loop sy net: "tjoef," pomp, pomp, pomp: "tjoef," pomp, pomp, pomp, klein bietjie hier en daar. Sy's gedaan! Sy's klaar! Die brandstof het uitgeloop, julle het water daarin gegooi. Alles is verby (ja, meneer), pap bande aan albei kante. Ons is in 'n vreeslike toestand. Die geestelike masjien het gaan staan.

347 En, broer, die deksel het van die hel afgekom. Dis reg. En strome demoniese magte stroom van oral af in. Dit het die nasies oorwin. Dit het politiek oorwin, totdat dit verrot is tot die kern. Dit het die kerke oorwin, totdat hulle niks behalwe denominasie ken nie.

Jy sê: "Is jy 'n Christen?"

Ek's 'n Metodis."

"Is jy 'n Christen?"

"Ek's—ek's Pinkster."

348 Dit beteken niks meer, as wat ek nou die dag gesê het, om 'n vark te wees, of 'n ot, of 'n perd, of iets nie. Dit het niks Daarmee te doen nie. Jy's 'n Christen, wanneer jy wedergebore is en gevul is met die Heilige Gees, nie tot dan nie, en jy totaal oorgegee is aan die Gees. As jy nie oorgegee is aan die Gees nie, dan is jy nie wedergebore nie en jy het nie die Heilige Gees nie. Jy mag in

tale praat en bewe, en spring en hardloop, en allerhande dinge doen van . . .

349 Paulus het gesê: "Ek kan berge versit met geloof, ek kan die siekes genees, ek kan kennis van die Bybel hê, ek kan na die kweekskool toe gaan en al hierdie goed leer, alles," gesê: "Ek's steeds niks!" Halleluja!

350 O, goeiste, praat van die deksel van die ketel af! Demone wat rondgaan, magte van die duiwel, onder die naam van Christendom: "wat die mens se gebooie vir Doktrine leer," teologiese kweekskool-doktrines, die Bybel uitlaat.

351 Halleluja! Wie is in staat, wie is sterk genoeg, wie is wys genoeg? Wie is sterk genoeg om hierdie legio te tem, wat die klere van ons vroue afstroop, in die naam van predikers, Metodis, Baptis, en selfs Pinksters? Wat hulle gesigte verf soos Isébel, en hulle hare kort afsny, en broek dra soos mans. Ons predikers, nie eers genoeg durf in hulle, om hulle daarvan te vertel nie. Duiwelbesete! Dit was die legio, wat sy klere van hom afgeskeur het. Wie is hierdie brullende duiwel?

352 Wie is sterk genoeg? Watter soort van 'n—van 'n denominasie is in staat om hom te oorwin, wat op-en-af loop deur hierdie grafstene van denominasies, en uitroep: "Die dae van wonderwerke is verby, en ons het nie die Heilige Gees nodig nie"?

353 En wie kan daardie duiwel tem? God! Ons kan dit nie doen deur denominasie nie. Ons kan dit nie doen deur kerkmagte nie. Maar daar was eenkeer 'n Stem wat dit kon doen, amen, wat daardie duiwels getem het, hulle by hulle regte verstand gebring het en vir hulle klere aangetrek het. Daardie selfde Stem het vir ons 'n belofte gegee: "Die werke wat Ek doen sal julle ook doen." Jy sal dit nooit doen onder kerkbrandstof in 'n koolstof-aangepakte motor nie. Jy sal dit nooit doen in 'n organisasie nie. Jy sal doen wanneer jy leegmaak en swak word, alles van jouself uitstort, en die Heilige Gees laat inkom en elke deel van jou laat bewe, elke deksel van jou liggaam laat deurweek. Dis die enigste . . . dit te doen. Ons het nie 'n nuwe organisasie nodig nie.

354 Wat ons nodig het, O God, ek voel Dit instort hierdeur nou. Wat ons nodig het, is 'n profeet van God, wat moet opstaan met 'n donderslag van God, geestelike weerlig, wat hierdie wêreld tot skande kan skud! Halleluja! Leë kan, is wat Hy nodig het, dis reg, 'n uitgeroepte Kerk, 'n minderheidjie wat God se krag en seëninge sal ontvang en Sy Boodskap. Halleluja! Dis wat ons nodig het.

355 Word swak, sodat jy kan sterk word. Dit sal elke duiwel oorwin. Dit sal die geleerde beskaam. Dit sal mans en vroue bring, wat God geroep het, en dit alleen.

356 Onthou: "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens, agt siele gered is." In

die dae van Elía was daar net seweduisend wat Dit gehad het. O, dink net aan waar ons nou lewe. Toe Johannes op die toneel verskyn het, was die kerkie beslis in die minderheid, maar daar was leë kanne om die Olie in te gooi. Halleluja!

God, laat ons onsself leegmaak.

357 Raak leeg, vriende. Word swak! Ontken jou eie vermoë! En julle buite in radio . . . nie radio nie, maar buite in . . . wat hierdie bandopnames hoor, waar hulle ook al kom, maak julleself leeg. Stort julleself uit op God se altaar as 'n offerhande. Laat die Engel kom met 'n Vuurkool, daardie kan vul met die krag van Almagtige God. Kry . . . Dan sal Hy jou sterk maak, Hy sal vir jou genade gee, om te staan.

Laat ons 'n oomblik ons hoofde buig.

358 O Here, nog 'n Sondagoggend is verby, en ons het gesit in hierdie ernstige byeenkoms, waar mans en vroue wat U ken, waar U Gees in hulle harte woon, en hulle U glo en gehandel het volgens elke Woord wat U—wat U vir ons opdrag gegee het om te doen. En ons dank U vir hierdie mense.

359 En daar mag ander buite in die land wees, waar hierdie bandopnames sal gaan, waar nederige vroutjies en mannetjies hulle in die huise sal inneem, in die stamme in en buite in die ander lande. En mag hulle hoor, Here, en verstaan, hulleself leegmaak, sodat die Heilige Gees hulle kan volmaak.

360 Daar mag sommige selfs hier wees vanmôre, Here, wat sou . . . hulleself leeggemaak het, vandat ons begin preek het, wat besef het dat hulle te veel op hulle eie gedagtes staatgemaak het, van hulle eie, hulle . . . eie vermoë, vertrou het in die—die skranderheid van hulle eie eenvoudige menslike verstand, wat niks behalwe vieslikheid voor God is nie. O God, mag hulle net hulleself nou leegmaak, hulleself nederig onderwerp en kom, vir die vulling van die Gees. Skenk dit, Here.

Dit het in die Bybel gesê: "Soveel as wat geglo het, is gedoop."

361 Daar sit in die gebou vanmôre, Vader, 'n vroutjie, wat hieragter aan die agterkant sit, en ek onthou 'n Mev. Hicks, wat agter my aangekom het, een aand, en daar het sy gelê, niks meer as net bene nie, die senings, seningvelletjie oor haar gestrek, kanker het haar opgevreet; haar man, nog nie 'n Christen nie. En ek onthou die gebed, wat ek daardie aand gebid het: "God, U het Dawidjie agter 'n leeu aangestuur, met 'n eenvoudige slingervelletjie, en hy het die lam teruggebring." Ek het gesê: "Hierdie kanker het my suster gevang; hy's 'n duiwel. Ek weet U is God. Ek het U gesien, Here, en ek weet. Ek het met U gepraat, en U het teruggepraat." "Ek kom agter God se skaap aan; kanker, los jy haar!" Haar toe opdrag gegee, in die Naam van Jesus Christus, om "Huis toe te gaan." En haar man, wat nog nie oorgegee het nie, het daardie Woord geglo en sy vrou

huis toe geneem. Hier is sy vanmôre, 'n groot sterk gesonde vrou, kanker is weg, sy kom vanmôre, om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. O God, dankie vir daardie leë kan, gereed om gevul te word. God, ek bid dat U daardie siel sal seën.

362 Here, dis net 'n voorbeeld van baie ander. Ek bid dat U seëninge op hierdie gehoor rus, plegtig, God, plegtig. As . . .

363 Daar is net een ding oor, Vader, wat ek kan sien, dis, óf U staan iewers op met 'n paar leë kanne en maak hierdie wêreld skaam vir homself, óf stuur Jesus baie gou. Dat die einde hier is, Here, daar's net twee dinge oor, wat gedoen moet word (en ons moet dit dadelik sien) want ons weet dis aan die einde; ons sal óf iets magtigs dadeliks sien opkom, óf ons sal die Koms van die Here sien.

364 Alle profesie is vervul. Die laaste ding voor die Kerk opgewek is, voor Sy opgeneem is in Openbaring die 3de hoofstuk, was die koms van 'n boodskapper aan die Laodicése Kerkeeu, wat "die harte van die mense sou terugdraai na die vroeë vaders," hulle terugkry by die behoorlike Pinkster, wat hulle verklaar om te hê. Daar sou duisende maal duisende wees, soos dit was in die dae van Noag, Here, wat verlore sou gaan. Baie van hulle sal verlore gaan. Ons sien dit alreeds vervul, Vader.

365 Kom, Here Jesus, voer U Kerk weg. En as dit U wil is, Here, net voor die Kerk weggeraap word, mag daar Krag opstaan. O God, vul hierdie kanne. Rig hulle op, Here! Skud hierdie wêreld nog een keer! Ons weet dit sal oortyd wees, daar sal dan geen bekering wees nie, dit sal te ver vir hulle wees dan. Maar wys U Krag, Here, vul daardie kanne en skud hierdie wêreld, soos dit nog nooit tevore geskud is nie! Neem dan U Kerk. Los die wêreld in haar chaos waarin sy sit, O God, hulle sukkel.

366 Dan weet ons, sal die groot Heilige Gees dan na die Jode toe kom. Wanneer ons die honderd vier-en-veertigduisend sien staan op Berg Sinai, staan saam met die Lam, maar die Bruid was alreeds in die Hemel. Sy is alreed opgeneem, en die Lam het teruggekom (Josef) om Homself bekend te maak aan Sy mense. En die Bybel het gesê, daar sal 'n geween onder hulle wees, wanneer hulle kyk en Hom daar sien staan. Wanneer Hy Homself bekend maak, sal hulle sê: "Waar het U daardie littekens gekry?"

Hy het gesê: "In die huis van My vriende."

Dan sal hulle sê: "Dit was Hy wat ons gekruisig het."

367 En Hy sal sê soos Josef het: "Moenie bekommerd wees nie, want God het dit gedoen om die lewe van die Heidene te red. Dit was nie julle fout nie." Toe het hulle gesê, hulle sou uitmekaar gaan, een familie weg van die ander, hulle sou treur asof die enigste seun weggeneem is uit die huis.

368 O Vader, daardie dag is naby, dis die einde van daardie Sewentig Weke. Dat die tyd op hande is, Here.

369 O God, mag die stem—die stem van die ware profete van God, uitroep teen hierdie moderne dame van die dag, hierdie moderne kerk, hierdie moderne kerkteologie.

370 Skud hierdie predikers, wat bang is om die Waarheid te praat. O God, neem hierdie manne en skud hulle soos nog nooit tevore nie, maak hulle skaam vir hulleself.

371 Maar ons weet hierdie een ding, en kan berus in volle vertroue, dat: "Geen man sal kom, as die Vader hom nie trek nie. En almal wat die Vader gegee het, sal kom." Hulle sal net sover kom, as wat U wil hê dit moet kom. Maar U het gesê: "Moenie vrees nie, kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die Koninkryk te gee." Ons weet Dis waar. U het ons die heeltyd gewaarsku dat daar net baie, baie min sal wees, wat gereed sou wees, wanneer daardie tyd aanbreek. Dan sal daar 'n groot opstanding wees, en al die verlostes wat verlos is, deur die eeue, sal opstaan. Maar in hierdie laaste dag, net aan die endtyd, daar, sal die Kerk beslis in die minderheid wees.

372 So ons sien dit, Vader, ons sien die Boodskap van die dag. Ons sien die verwerping Daarvan, ons sien die verwyderings, ons sien al hierdie dinge.

373 Ons sien dat U mense bely dat hulle nie is nie, hulle "niks" is nie. Hulle wil net met U gevul wees, Here. Nou, bid ek dat U die wêreld met hulle sal skud, net 'n paar dae voor die Koms van die Here.

374 Nou in ons midde is daar siekte, daar is mense wat fisiese genesing nodig het. Ons sal hulle nie uitlaat nie, Here, want daar staan geskrywe: "Vergeet geeneen van Sy weldade nie, Wat al jou ongeregtighede vergewe, en al jou krankhede genees." Ons bid dat Sy groot genesingskrag op elkeen sal wees, wat hier is. As U 'n siel daarbuite kan red sonder om een beweging te maak, net sy hart na U gekeer, hoeveel te meer kan U 'n liggaam genees!

375 Hier's sakdoeke wat hier lê. Ek seën hulle in die Naam van die Here Jesus, soos die groot Apostel Paulus het. Mag wie ook al hierdie sakdoeke dra, genees word. Mag gebroke huise herstel word. Mag kindertjies, sonder 'n vader, sonder 'n moeder, en hulle uitmekaar, mag die huis weer herstel word. Skenk dit, Here. Genees nou al die siekes, en die beproefdes, ontvang Self die heerlikheid.

376 En, Here, ons wat ons kanne wil op hou, ons oë op, ons harte op na U, selfs wil ontken dat ons selfs geassosieerd is met hierdie wêreld. Die Bybel het gesê dat: "Abraham sy huis verlaat het, sy stad verlaat het, om in die land van belofte te woon, bely het dat hy 'nie van hierdie wêreld' was nie, maar dat hy ''n reisiger en 'n vreemdeling' was." Abraham en Isak en Jakob, almal wat hierdie getuienis gehad het, dat hulle "nie van hierdie wêreld" was nie, hulle verklaar eenvoudig dat daar

'n Stad is Waarvan die Boumeester en Oprigter God is, en hulle is oppad soontoe.

377 Mag harte net nou verander word, terwyl ons bid, Vader, en mag gesindhede geneem word. En wanneer die doopdienste kom, mag daar so 'n roering onder die mense wees, mag daar mense wees wat nooit tevore daaraan gedink het nie, mag dit geopenbaar word. En U het gesê almal wat U geroep het, sou U—U stuur.

378 Nou, ek vertrou dit alles toe aan U, Here, met hierdie gebroke boodskappie, uit 'n arme kan met niks daarin nie, Here. Ek bid dat U net daardie Woorde sal neem, en hulle in die harte van die mense sal insmelt, en mag hulle nooit in staat wees om weg te kom Daarvan nie. Skenk dit, Here. Vertrou dit nou toe aan U, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

379 ['n Broer gee 'n boodskap—Red.] Terwyl jy jou besluit neem, besluit jy. "Waarom huiwer tussen twee opinies?" Julle het gehoor wat Hy gesê het. As God God is, dien Hom; as die wêreld god is, gaan net voort. Sien? As die denominasionele manier reg is, gaan voort daarmee; maar as die Bybel reg is, kom dan Daarnatoe. Sien? Kies julle hierdie uur wie julle sal dien.

380 Laat ons net, in die Gees, nou 'n loflied sing. Die Bybel het gesê: "Hulle het 'n loflied gesing en uitgegaan." Laat ons hierdie beroemde ou lied sing, *Ek Het Hom Lief*, met ons hoofde en harte gebuig na Hom.

Ek het Hom lief,

Besluit nou wat jy gaan doen.

Ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

381 [Broer Branham begin *Ek het Hom lief* neurie—Red.] Kan jy jou besluit neem vir Christus? Nie 'n besluit, presies nie, maak net jouself leeg: "Here, ek's niks werd nie. Daar's niks in my, wat goed is nie. Laat ek vergeet wat ek ooit geweet het. Nou kom, Here Jesus, moenie dat dit oor my kop gaan nie. Laat my Dit ontvang en gevul word met U Gees, Here. Van díe dag af, laat my heeltemal U s'n wees." Bid nou net, net 'n gebedjie tot God; eenvoudig, hierdie gebed, kinders, almal.

U Lam van Gólgota,
Goddelike Verlosser; (bely net in jou hart)
. . .hoor my terwyl ek bid,
Neem al my sonde weg,
O laat my van vandag
Net aan U behoort!

Wyl ek lewens donker doolhof betree,
En droefheid om my kring,
Wees U my Gids;
Laat nag verander in dag,
Vee droefheid, vrese af,
Of laat my ooit wegdwaal
Van U af weg.

382 [Broer Branham begin *My Geloof Kyk Op Na U* neurie—Red.] Diegene wat geglo het, jouself leeg gemaak het voor God, en vasbeslote is dat niks jou meer sal hinder nie, jy sal nooit enige vermoë bely nie, en jy dit 'n duidelike, skoon, egte besluit vir God wil maak, die bad het water daarin, maak gereed vir doop. Laat die vroue na my regterkant toe gaan, en die mans na my linkerkant. Doopdiens sal binne 'n oomblik wees. Diegene wat leeg is, jy's gereed om nie te glo wat predikers sê nie, wat kerklikes sê nie, wat denominasies sê nie, maar die weg van die Here sal neem, SO SPREEK DIE HERE sal glo, kom nou.

Wyl ek lewens donker doolhof betree,

Dit sal die vroue *hier* oorkant wees, mans *hier* oorkant. Dis julle altaaroproep: "Dié wat geglo het, het gekom en is gedoop."

. . . my Gids;
Laat nag verander in dag,
Vee droefheidstrane af,
Of laat my ooit wegdwaal
Van U af weg.

383 Hoeveel vroue hierbinne vanmôre . . . Ek sê dit in die Naam van die Here Jesus! Hoeveel van julle is skaam vir daardie kort hare wat julle dra, wil hê God (deur Sy genade) moet dit vir julle laat uitgroei? God seën julle.

384 Hoeveel mans is skaam dat julle julle vroue laat sigarette rook, en broek dra, wat eintlik aan julle behoort?

385 En die Bybel het gesê: "Dis 'n gruwel in God se oë." Weet julle God kan nie verander nie? Hy kan nie verander nie. Hy het een natuur, dis heiligheid. Hy kan nie verander nie. As jy nie soos Hy word nie, sal jy Hom nie sien nie: "Sonder heiligheid sal geen mens die Here sien nie." En as broek dra is . . . God siek op Sy maag maak en laat naar word, Hy's siek, en *gruwel*, "vieslikheid," hoe gaan jy ooit . . . so 'n gees in jou hê en ooit in die Hemel kom? Hoe gaan jy in die Hemel kom met kort hare, wanneer God gesê het "Dis 'n gruwel vir 'n vrou om haar hare te sny"? Sy ontken die einste beginsels van 'n—'n vrou wees. God verander nie. Dis Sy Woord, vriend, jy beter luister.

386 En julle mans wat julle vroue dit sal laat doen, skaam julle nie vir julleself nie? Is julle nie skaam nie?

387 Moenie soos die Eerste Dame van die land wees nie. Wees soos God! Sien? Maak jouself leeg van hierdie moderne mode

van die wêreld, sodat Christus Homself kan instort in jou en jy werklik gevul kan word met die Heilige Gees.

388 Hy kan dit nie doen nie, Hy kan dit nie doen nie, dis—dis teen Sy beginsels; Hy sou teen Sy Woord moes gaan, en dit sal Hy nie doen nie; Hy sal dit nie doen solank as—as wat jy nie Sy Woord kan hanteer nie. Jy moet kom. . . Ons moet Hierby kom, voor enigiets anders gedoen kan word. Julle weet dit, elkeen van julle is bewus daarvan. Hoeveel glo dit, steek jou hand op. Sekerlik, julle glo dit, nou laat ons iets daaraan doen.

389 God, wees ons genadig! Hoe ons Hom nodig het! Hier is ons, almal van ons tesame nou. Onthou nou, by die oordeel, as ek. . . sal ek moet staan (en dit mag voor die aand wees) en elke Woord wat ek gesê het, moet trotseer. Sien, ek sal dit moet trotseer. Nou, onthou daardie ongeregtigheid is van my hande af, dis van my gewete af, dis van my siel af, dis van God af.

390 As jy nie. . . As jy in daardie toestande staan en steeds nie veroordeel voel nie (sjoe!) wat—wat—wat gaan jy doen? Dan weet jy God deel nie met jou nie, jy weet jy's verby Dit. Sien? Jy's verby Dit. Jy mag o so godsdienstig wees, jy mag aan kerke behoort ensovoorts, maar jy's verby Dit. Die Woord van God gaan onderin en bring 'n persoon uit. Dis die ding wat hulle terugbring. Sien? So dis die Woord. Ek vra enige prediker, enige persoon, enige plek, om Dit te ontken teen die Woord van God. Dis reg. Dis nie so nie, sien.

391 So laat ons ware Christene wees. Selfs ons wat probeer, diegene wat probeer, ons moet afgesny word en oorgekook word. Ja, meneer, ons het dit almal nodig.

392 God, wees my genadig. God, neem my en vorm my. Dis my voorneme, na hierdie week, om voor God te gaan, om uit te vind wat om volgende te doen. God, neem my. Wat. . . Alles—alles van my (en daar's baie) wat nie goed is nie, God, sny dit af, is my gebed vanmôre. Besny my hart, ore, my wese. Maak my, Here, maak my iets wat. . . wat Hy ook al wil hê ek moet wees. Dis my gebed.

393 Wat ek ook al moet wees, sny af, sny my af, Here. Wys my in die Woord, sê my, ek sal dit laat gaan. Laat die Woord dit sê, en dit sal. . . Ek is net daar gereed om dit te hanteer. Wat die Woord van God ook al sê, dis wat ek wil wees. Ek wil 'n—'n Christen in God se Woord wees: "Elke mens se woord 'n leuen laat wees, en God s'n waar wees." Sal dit nie die mode van die dag wees nie, sou dit nie so wees nie? Glo julle dit so?

394 Soek jy na die plek vir die doop, seun? Ja, hier aan die agterkant, broer, moenie wag nie. Goed, reg oor na hierdie kant.

395 Baie van julle behoort te kom, mans en vroue, wat gelowiges is, wat is. . . hulle sondes bely, om gedoop te word in die Naam van Jesus Christus. (Hiernatoe, broer.) "In die Naam van Jesus Christus, tot die vergewing van hulle sondes, en hulle sal gevul word met die Heilige Gees."

396 Nou, aan julle Katolieke mense hier, dis wat vergewing van sondes is. Julle sê dat die kerk die mag het om sondes te vergewe, hoe het die kerk sondes vergewe? God. . . Jesus het vir die kerk gesê: "Wie se sondes julle vergewe, vir hulle is dit vergewe. Wie s'n julle ook al behou, hulle word behou." Hoe het hulle die eerste vergewe, die sondes in die vroeë kerk? Hulle het hulle geroep tot bekering, en hulle het hulle gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van hulle sondes. Nie onder 'n belydenishokkie nie; nee, beslis nie. Maar hulle het bely voor God, in hulle harte, toe hulle daar gestaan het, en hulle geglo het. "En dié wat ged-. . . geglo het, is gedoop in die Naam van Jesus Christus, en hulle is gevul met die Heilige Gees." Amen. Het julle Hom lief?

Nou laat ons staan.

397 Nou, daar sal baie wees wat wil wag vir die doopdiens. Enigiemand wat nog wil kom, nog wat geglo het? Kom, elke kant; mans na die linkerkant; na die regterkant, die vroue. Glo aan die Here Jesus, met jou hele hart, met alles wat in jou is.

398 Nou laat ons ons hoofde saam buig, terwyl ons hierdie modelgebed herhaal, soos ek nou vreemd gelei voel om dit nou te doen. Terwyl ons ons hoofde buig, bid julle saam met my. [Broer Branham en gemeente bid saam—Red.]

> . . . *Onse Vader* Wie *in die hemele is, laat U Naam geheilig word;*
>
> *laat U koninkryk kom; laat U wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*
>
> *gee ons vandag ons daaglikse brood;*
>
> *en vergeef ons ons* oortredinge, *soos ons ook* hulle, wat teen ons oortree, vergewe;
>
> *en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

399 Nou laat ons ons hoofde geboë hou. En ek gaan vir Broer Neville vra, om te kom en die seën uit te spreek, te sê wat op sy hart is, en dan aankondig van die doopdiens, wat nou gereed gemaak word.

400 God seën julle, is my gebed. Ek sal vir julle bid, bid julle vir my. Ek het regtig julle gebede nodig.

Volmaakte Krag Deur Volmaakte Swakheid AFR61-1119
(Perfect Strength By Perfect Weakness)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 19 November 1961, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org